




jACO jACOBS

**SUUR-
LEM+
OEN!**

'n Storie oor rock, liefde en 'n tuinkabouter



jACO jACOBS

**SUUR-
LEM+
OEN!**

'n Storie oor rock, liefde en 'n tuinkabouter


Suurlemoen!

Jaco Jacobs



lapa@lapa.co.za

www.lapa.co.za



staccato

Mozart met lipstick

Ek het vir Zane gesê dis 'n simpel idee om vir Mozart lipstick aan te sit.

Oukei, dit sou seker actually snaaks gewees het, as ons nie uitgevang is nie. Die hele ding het begin met die lipstick wat hy vanoggend voor skool opgetel het. Revlon Passion

Fruit. Bloedrooi. Ek sien al heeldag hy probeer aan iets dink om daarmee aan te vang.

Toe die klok lui vir tweede pouse, keer juffrou Pienaar my voor en vra of ek gou vir meneer Marx 'n koevert sal gee. Meneer Marx is die musiekonderwyser. Sy klas is op die punt van die ry buitenste klasse, seker sodat die musieklesse nie die res van die skool teen die mure moet uitdryf nie.

“Kan sy nie haar eie
liefdesbriewe aflewer nie?”
brom Zane.

Dis een van die skool se
legendes – hoe meneer Marx
en juffrou Pienaar mekaar een
aand gesoen het toe hulle moes
toesig hou by ’n skoolsokkie.
Daar is al soveel weergawes
van die storie dat niemand
meer weet wat die waarheid is
nie, en daar was soveel
“ooggetuies” dat dit wraggies
nie ’n baie private smooch kon

gewees het nie.

Ek klop aan meneer Marx se deur. Geen antwoord nie. Ek loer deur die venster. Die klas is leeg.

“Komaan, Tiaan, gaan in en sit die koevert op sy tafel neer,” sê Zane. “Ek is nie lus om heelpouse hier te staan nie.”

Ek voel aan die deur. Die klas is nie gesluit nie. Meneer

Marx se lessenaar staan agter
die klavier weggesteek.

Zane kyk in die klas rond.
“Weird,” brom hy.

Dis ’n groterige klas. Die
bord is vol notebalke en
woorde soos “staccato”,
“pianissimo” en “legato”. Oral
hang plakkate met die gesigte
van mense wat lyk of hulle al
baie lank dood is en die
vertrek staan vol
bladmusiekstaanders en stoele.
Zane beduie na ’n plakkaat

met Beethoven se gesig op.

“Hierdie ouens was kamstig so briljant, maar dit lyk of hulle almal vergeet het om hul hare te kam voor hulle vir portrette gepose het.”

Meneer Marx se lessenaar is ’n deurmekaarspul van boeke en papiere. Ek sit die koevert neer op die enigste oop plek wat ek kan kry. Hopelik sien hy dit raak.

“Kom ons waai,” sê ek vir Zane.

Hy staan vooroorgebuk.

“Hei, wat maak jy?”

Hy kom regop en glimlag vir my. Ek ken daardie skuldige glimlaggie. Dis soos ’n klein hondjie lyk pas nadat hy op die mat gepiepie het.

“Wolfgang Amadeus Mozart,” sê Zane en hou ’n wit borsbeeldjie omhoog. “’n Vaal musiek-outjie wat sy hele lewe lank gewens het hy kon ’n bietjie uitspattiger raak.”

Mozart se kwaai mond is

bloedrooi van die Revlon
Passion Fruit.

“Zane, is jy –?”

Ek kom niks verder nie. Die
deur gaan oop en daar staan
meneer Marx se kort figuurtjie.
Niemand sê ’n woord nie. Dis
die eerste keer dat ek regtig
oplet hoe deurmekaar meneer
Marx se hare is. Omtrent soos
Beethoven s’n.

Meneer Marx kug. “Moet
asseblief nie my Mozart-
beeldjie laat val nie. Ek weet

die ou was nie juis 'n oil painting nie, maar ek het dit in Oostenryk gekoop en dit het my 'n fortuin gekos. Ek gaan eerder nie vra waar julle die lipstiffie in die hande gekry het nie, maar ek wil julle asseblief ná skool in my klas sien.”



Nota aan self:

Hou in die toekoms
vir Zane van
lipstick af weg.

cantabile

pianissimo

legato

legato

Orkesoefening

As ek al die kere moet bymekaartel wat ek deur Zane se toedoen in die moeilikheid beland het, gaan ek 'n calculator nodig hê. Ons is al van graad drie af vriende. Ek is ongeveer van graad drie af gedurig in die moeilikheid.

Ek het gehoop ons kry vir

meneer Marx ná skool alleen
in sy klas sodat hy ons kan
uitvreet en strafwerk gee en
klaarkry daarmee. Maar daar
is 'n hengse lawaai in die klas
toe ek en Zane ingaan. 'n Stuk
of twintig gesigte kyk op toe
ons binnekom. Almal is besig
om musiekinstrumente te stem.
Viole, trompette en ander goed
wat ek nie 'n clue het wat dit
is nie, blêr en skree en fluit
asof die oordeelsdag
aangebreek het.

Meneer Marx glimlag toe hy ons sien binnekom. Hy hou sy hand in die lug en die rumoer hou eensklaps op. “A, welkom!” Hy draai na die klas toe. “Ons het vanmiddag twee besoekers. Hierdie twee here het my ’n wonderlike inleiding besorg vir môre se les oor die postmodernisme.” Hy draai weg van my en Zane af. “Kan iemand vir my sê wat die term ‘postmodernisme’ beteken?”

My moed sak tot in my

skoene. Iets gee my die idee hier kom 'n uitgerekte martelsessie.

Van agter 'n viool kom 'n hand te voorskyn. Die hand behoort aan Liezl Kritzinger, sweerlik die mooiste girl in graad tien.

Meneer Marx knik. “Ja, Liezl?”

Liezl glimlag geamuseerd vir my en Zane. “Dis gewoonlik 'n soort reaksie op die modernisme, Meneer. Dit

lewer met ander woorde
kommentaar op ouer kuns.”

Het ek onthou om te sê sy is
ook die slimste girl in die
klas?

“In die kol.” Meneer Marx
kyk vir my en Zane en haal die
Mozart-beeldjie van agter sy
lessenaar te voorskyn. Almal
lag toe hulle Mozart se kwaai
gesig met sy rooi lipstickmond
sien. “So, kan julle twee nou
vir almal verduidelik hoekom
dít ’n postmodernistiese

stelling is?”

Ek hoor ’n gegiggel van die blaasinstrumente se kant af. Komaan, wil hy ons nou voor die hele skoolorkes embarrass?

“Ek neem aan julle is nie aanhangers van klassieke musiek nie?” sê-vra hy.

“Nie eintlik nie, Meneer,” brom Zane.

Weer ’n gelag.

“So, van watse musiek hou julle?”

Zane loer na my kant toe. Ek beduie hy moet praat. Dis hy wat ons in hierdie gemors laat beland het. “Wel ... rockmusiek, Meneer?” Hy laat dit na ’n vraag klink.

Meneer Marx knik. “Oukei. Watter soort rock? Alternative rock? Punk rock? Blues rock? Grunge rock? Post-grunge? Metal? Goth metal? Nu metal?”

Zane frons uit die veld geslaan. “Meneer?”

Meneer Marx glimlag.

“Gedink musiekonnies weet van niks anders as Bach en Beethoven en ...” hy hou vir Mozart in die lug “... ons vriend Wolfgang Amadeus Mozart nie?”

“Hulle het ’n band, Meneer!” roep iemand laggend agter uit die klas. Frik van Tonder, die eerste rugbyspan se heelagter.

Flippit! Ek weet nie waaroor ek die meeste verbaas is nie – die feit dat Frik voor meneer


Marx uitgeblaker het dat ek en Zane in 'n band is of die feit dat Frik wraggies in die skoolorkes is.

Meneer Marx lig sy wenkbroue. “Is dit so? So, ons het boonop twee musikante hier. Wat is julle band se naam?”

Zane kyk moedeloos na my kant toe. Ons praat gelyk.

“Bosvark,” sê Zane.

“Hardeskyf,” sê ek.



Almal bulder behoorlik van die lag.

“Is julle seker julle is in dieselfde band?” vra meneer Marx met ’n glimlag. Hy kyk op sy horlosie. “Nou ja, dis tyd dat ons met die oefening begin. Julle twee is welkom

om te bly, maar anders kan
julle maar gaan. Vra asseblief
volgende keer eers
toestemming voor julle die
musiekklas kom versier.”

Dis amazing. Het hy ons na sy
klas toe laat kom net om iets
oor postmodernisme kwyte
maak en ons name krater te
maak? Maar ek en Zane laat
ons nie twee keer nooi nie.
Ons skuifel verleë deur se kant
toe.

“Wag ’n bietjie ...”

Ag nee.

Meneer Marx frons en grawe op sy deurmekaar lessenaar rond. “Ek het inligtingstukke gekry oor Rumoer, ’n rockkompetisie vir skolebands. Dit moet hier iewers wees ... Ek wil graag hê ons skool moet ’n band inskryf. Hoe lyk dit, stel julle twee belang?”

Pause.

Rewind

Oukei. Pause. Rewind.

Ek is mal oor musiek. Nie die goed wat hulle jou op skool leer nie. Ek bedoel daai soort songs wat jou op die regte tyd op 'n trip kan sit sodat jy wéét die ou of die girl wat daar sing, verstaan waarom jy mal is, waarom jy mal is en wat

besig is om jou mal te maak.
Op 'n goeie dag kan ek my CD
player so hard sit dat my
kamervenster bewe. Op 'n
slegte dag – nóg harder.

Dit moet ongelooflik wees
om voor 'n crowd te speel. Ek
het vir so drie jaar in die
laerskool musiek geneem,
maar ek het opgegee toe ek
besef het dat my musiek-onnie
my nooit gaan leer om enigiets
van Maroon 5, 30 Seconds to
Mars, U2 of Linkin Park te

speel nie.

Ek en Zane jam al vir so 'n jaar of wat saam. Ons klink nie te sleg nie. Dis verbasend wat jy met twee kitare kan regkry as jy 'n ruk lank saamspeel.

Ons kom so een keer 'n week in die garage bymekaar en speel covers van bands soos Nickelback, Coldplay, Green Day, The Killers en Nirvana.

Ons het al 'n keer of wat ons eie songs probeer skryf, maar dit het nou nie juis geklink

soos enigiets wat hulle
binnekort op 5FM gaan speel
nie. So, dis nou nie regtig wat
jy 'n band kan noem nie. Ons
het nog nooit 'n regte gig
gespeel nie en ons was nog
altyd te chicken om nóg mense
in die band te kry. Nie dat daar
iets verkeerd is met net twee
mense in 'n band nie, soos ek
altyd vir Zane herinner.
Beroemde bands soos Simon
& Garfunkel en Roxette het net
twee lede gehad.

'n Keer of wat het ons selfs
sover gekom om advertensies
te probeer maak.

*Rockgroep soek drummer.
Bel ...*

*Hou jy van rockmusiek? Ons
band soek 'n drummer. Bel ...*

*Is jy lus vir rock? 'n Band is
op soek na 'n drummer. Bel ...*

Dit het alles so simpel gelyk
dat ons nooit sover gekom het
om advertensies op te sit nie.
Natuurlik sal dit lekker wees
om gigs te speel en sulke goed,

maar om die een of ander rede
het dit nog altyd na 'n hengse
groot ding gevoel om 'n regte
band te begin. Ek en Zane het
nog nooit eens besluit op 'n
naam nie.

~~Rockgroep soek deurmekaar Bel~~

Hou jy van rockmusiek?

IS JY LUS VIR ROCK? BEL



Play

Die meeste normale mense kan 'n slegte idee ignoreer as dit in hulle koppe kom. Zane val ongelukkig nie in hierdie kategorie nie. “Ons kort 'n drummer en 'n vocalist, Meneer.”

Die skoolorkes geniet die
hele affêre natuurlik baie.

“Hei, kan ons kom vir
oudisies?” roep iemand.

Almal skater heel
voorspelbaar.

“Solank julle nie ’n
boereorkes is nie,” probeer
nog iemand ’n grap maak.

En die ergste van als is ek
kan sien Zane geniet die
aandag ...

Dis ongelooflik hoe Zane
partykeer nonsens kan aanvang

terwyl 'n mens vir hom staan en kyk. Oop en bloot. As hy wil, kan hy selfs die kwaaieste gesigsuitdrukking ignoreer – soos die een wat ek op die oomblik op my gesig het. Selfs al kon ek vir hom 'n telepatiese boodskap stuur wat sê “Is jy nou heeltemal mal in jou kop?!” sal hy tien teen een nie besef hy is besig om droog te maak nie.

Meneer Marx glimlag. “So, hét julle al ooit oudisies

gehou?”

Dit lyk of Zane ’n oomblik dink voor hy antwoord. “Nog nie, Meneer ...”

“Die klaskamer hier langsaan staan leeg. Julle kan dit gebruik as julle ooit oudisies wil hou. Reël net voor die tyd met my ... En nou moet julle ons asseblief verskoon – ek is seker die skoolorkes is nie julle twee se idee van ’n band nie.”

“Uhm ... wat van

Donderdagmiddag, Meneer?”

Ek glo dit nie.

Meneer Marx draai verbaas om. Daar verskyn iets tussen ’n frons en ’n glimlag op sy gesig. “Wel, dit behoort nie ’n probleem te wees nie ...”

Zane lyk baie impressed met homself toe hy na die verbaasde lede van die skoolorkes draai. “So, julle het gehoor. Donderdagmiddag ná skool is daar oudisies vir ons band.”

Nota aan self:
Musieklaskamers
is van die
gevaarlikste plekke
op aarde.

Selfportret

Dis vrek moeilik om foto's van jouself te neem. Die digitale kamera wat ek verlede maand vir my verjaardag gekry het, is great. Die timer-funksie is egter moeiliker om te gebruik as wat ek gedink het. Jy stel dit, staan 'n ent terug en wag dat die foto geneem word. Ek

het al 'n hele paar foto's
geneem van my voorkop, my
neus, my een oog of al twee
oë. As jy almal aanmekaarlas,
behoort jy ten minste een
ordentlike foto te kry. Maar dis
nogal heel kunstig as jy my
vra.





Stukkies van
'n sestienjarige.



Jy kan dit uitstal en iets noem
soos: *Tiaan Fourie, 'n
selfportret in twintig dele. Of:
Stukkies van 'n sestienjarige.*
Of dalk: *Tiaan Fourie – 16,
single en so verveeld dat hy
homself met sy digitale
kamera probeer afneem.*

“Wat maak jy?”

Ek wip soos ek skrik en
swaai my rekenaarstoel om.

“Is jy wraggies besig om
foto's van jouself te neem?”

Ek trek vir Zane 'n gesig.

“Ná vanmiddag is ek te flippen embarrassed om vir die res van die jaar my kop by die deur uit te steek,” sê ek suur.

“So, ek moet seker iets kry om my binnenshuis te vermaak.”

Zane glimlag net. “Dit was g’n so erg nie. Eintlik moet jy bly wees ek het ou Bach ’n bietjie met die lipstick ingekleur.”

“Mozart.”

“Wat?”

“Nie Bach nie. Mozart.”

“Whatever. Dink só daaraan: Ons gaan oormôre oudisies hou vir ’n ordentlike band, ons gaan vir ’n battle of the bands-kompetisie inskryf, en Liezl Kritzinger het vanmiddag vir my gesmile.”

Ek rol my oë. “Dit was nie ’n smile nie, Zane. Die girl was besig om jou uit te lag.”

Zane trek sy skouers op. “Dis ’n begin ...”

Ek tel my kamera op.



Zane le Roux, moeilijkheidsmagneet
en die wereld se grootste sucker...

Kennisgewings

Zane het besluit dis sy plig om kennisgewings by die skool op te sit om mense van ons oudisies in te lig. Dis seker die minste wat hy kan doen, siende dat dit sý simpel idee was.

“Wat dink jy?” wil hy weet toe hy my voor skool by ons

tuinhekkie inwag.

Hy hou 'n pak A4-bladsye omhoog. Dit lyk of hy genoeg van die goed gemaak het om by die skoolhek ook uit te deel. Ek sê dit liewer nie hardop nie – netnou gee ek hom idees.

“Dis nogal ... kort en kragtig,” sê ek. “En daar's 'n spelfout op. Mens spel nie oudisie so nie.”

“Come on, Tiaan, jy kan darem 'n bietjie meer opgewonde lyk!”

Ek sug. “Zane, het jy dalk vir één oomblik daaraan gedink om ten minste my flippen opinie te vra voor jy besluit om oudisies vir ’n band te hou? Wat as ek nie eens in die band wil ...” Ek glo dit nie. Hy’s wraggies besig om te smile. “Zane, dis nie ’n joke nie!”

“Jy kan maar ophou,” grinnik hy. “Ek ken jou hopeloos te goed. Jy’s excited oor die hele besigheid. Toe, erken dit maar

”
...

Ek stoot my fiets deur die
hekkie en vat een van die
kennisgewings by hom.

**Oudiesies vir
band. (Vocalist en
drummer)**

WAAR?

**Leë klas langs
musiekklas**

**WANNEER:
Môre na skool**

Zane se verdienende loon

Donderdagoggend voor skool berou ek nogmaals die feit dat my pa 'n dokter is. Dis onmoontlik om skoolsiek te speel as jou pa elke siekte in die boek ken.

Die laaste periode probeer ek my sielkundig voorberei vir die naamgatmaaksessie wat voorlê. Zane het die klas se

sleutel kortpouse by meneer Marx gekry. Ons kitare en die drum kit wat ons by die skool geleen het, is klaar daar. Ek wou byna omkap van verbasing toe ek uitvind Zane het gister al met meneer Marx gereël dat ons die skool se drum kit kan leen vir die oudisies. Zane dink nóóit aan sulke goed nie.

Ná die laaste klok gelui het, sit ek en Zane af musiekklas toe. Hy staar so vir Liezl

Kritzinger wat by die musiekklas instap, dat hy nie eens sien daar is nog niemand by ons kastige “oudisie” nie.

“Hier’s nog niemand nie,” bring ek die feit onder sy aandag en probeer my bes om nie te wys hoe verlig ek is nie.

“Relax,” sê Zane en grawe in sy broeksak na die klas se sleutel. “Die klok het nou net gelui ...”

Ons kitare en die drum kit lyk verlore in die deurmekaar,

stowwerige vertrek. Ek gaan sit op 'n ou skoolbank en kyk hoe Zane sy kitaar stem. Ek hoop die vertrek is klankdig, anders gaan meneer Marx tien teen een kom kla ons ontwrig sy orkesoefening. Zane probeer hom ongeërg hou, maar ek sien hoe loer hy elke paar minute na die deur om te kyk of daar al iemand opgedaag het.

Ek kug. “Dit lyk nie eintlik vir my –”

“Gee kans,” val Zane my blitsvinnig in die rede. Hy pick ’n deuntjie op sy kitaar. Ek kan dofweg hoor hoe meneer Marx se orkes langsaan begin speel.

Ek kyk op my horlosie. “Dis al twintig minute.”

Eintlik behoort ek bly te wees omdat Zane sy verdiende loon kry, maar op ’n manier voel ek nogal sleg vir sy part. Hy lyk genuïne afgehaal omdat niemand op sy kennisgewings gereageer het nie.

“Miskien is dit omdat jy
‘môre’ op die kennisgewing
geskryf het,” probeer ek troos.
“Jy moes liever die datum
geskryf het. As mens dit lees,
kan jy maklik dink dis al verby
...”

Zane byt ingedagte op sy
onderlip.

“Kom ons los die hele affêre
en gaan kry iets om te eet. My
maag grom al van die honger
...” probeer ek hom ompraat
voor hy iets simpels uitdink.



Te laat.

Hy glimlag skielik van oor tot oor en spring regop. “Ek sê jou wat, hier langsaan sit ’n hele klas vol ouens wat musiekinstrumente kan speel. As hulle nie vir oudisies wil

kom nie, dan gaan ons na hulle toe ...”

“Zane, ons kan nie ... Is jy nou heeltemal ...”

Hy's klaar by die deur uit. Die versoeking is vir 'n oomblik lank baie groot om my net uit die voete te maak. Ek sug en stap by die klas se deur uit. Die orkes in meneer Marx se klas het eensklaps opgehou speel. Nie 'n goeie teken nie. Ek stap teen my sin tot naby die musiekklas se oop deur.

Voor ek kans kry om te probeer
afluister wat hy sê, kom hy
klaar weer by die klas
uitgestorm. “Bring jou kitaar!”
sê hy opgewonde. “Ons gaan
oudisies in meneer Marx se
musiekklas hou.”

Oudisies

'n Mens kry mos partykeer daardie nagmerries waar jy voor 'n hele saal vol mense staan en sing, en net wanneer jy dit begin geniet, kom jy agter jy's poedelkaal. Dit voel of ek in een beland het. Oukei, ek's gelukkig nie poedelkaal nie. En ek het beslis nog nie

begin om dit te geniet nie.

Maar dis omtrent ewe erg.

Die hele skoolorkes sit en kyk vir my en Zane. Party lyk verveeld, ander lyk of hulle enige oomblik gaan uitbars van die lag. Miskien is dit een van daai klasgrappe – soos die keer toe ons almal besluit het om in juffrou Pienaar se klas te begin gaap. Hei, julle, kom ons maak vanmiddag Zane en Tiaan se naam gat! Selfs Zane lyk nie so seker van homself

soos gewoonlik nie.

Die tromstel wat Zane pas ingedra en voor in die klas staangemaak het, laat die hele affêre net meer simpel lyk.

“Oukei, ons is op soek na ’n vocalist en ’n drummer,” kondig Zane aan.

Geen reaksie nie.

Meneer Marx probeer die situasie red. “Nou ja, julle kla mos gedurig oor die vervelige stukke wat ons in die orkes speel. Hier’s julle kans om iets

opwindends te doen ...”

Ek sluk en probeer die moed bymekaarskraap om vir hom te sê ons moet liewer die hele ding los.

’n Hand gaan in die lug op. Liezl.

Meneer Marx kyk hoopvol na haar. “Ja, Liezl?”

“Meneer, hoekom moet óns oudisies vir húlle aflê? Ek bedoel, ons neem tog almal musiek. Ek dink húlle moet hulleself eers bewys. Hulle

kan eers vir ons speel, en dan sal ons besluit of ons lus is om in hulle band te wees.”

Meneer Marx glimlag en draai na my en Zane toe. “Dit maak nogal vir my sin. Wat sê julle twee?”

Zane kyk vir my en trek sy skouers op. “Hoekom nie?”

’n Paar ouens begin cheer en hande klap toe ons ons kitare optel. Ek voel hoe my wange gloei.

Meneer Marx hou sy hand op

vir stilte. “Goed, verbeel julle maar ons het vanmiddag ’n teorieles oor moderne musiek. Dames en here, op baskitaar het ons Zane ... e ...”

“Le Roux,” help Zane hom.

“Zane le Roux. Nou, die baskitaar lyk dalk nie so belangrik in ’n band nie, maar hierdie diep dreunklank vorm die ruggraat van baie rockliedjies ...”

Hy beduie vir Zane om te begin speel.

“En hier het ons vir Tiaan Fourie op elektriese kitaar. In baie rockgroepe is die kitaar soos ’n tweede hoofanger ...”

Ek kan sweer meneer Marx is besig om dit te geniet.

Ek val rukkerig in by die liedjie wat Zane begin speel het. ’n Paar koppe begin op en af knik saam met die musiek.

“Goed,” sê meneer Marx toe ons ’n rukkie gespeel het. Ek en Zane hou op. Iemand gee ’n wolwefluit en ons kry ’n

handeklap. “Nirvana se *Smells like teen spirit*. Glad nie ’n slegte plek om te begin nie, en ek dink julle het hierdie klomp oortuig julle weet wat julle doen. Maar wat kort?” Hy kyk na die klas. Almal is tjoepstil. Ek dink party van hulle is stom van verbasing.

“Kurt Cobain?” waag iemand.

Meneer Marx grinnik. “Goed, behalwe Kurt se rasperstem. Daai tromme wat die ruggraat

van *Smells like teen spirit* is. As jy Nirvana se *Nevermind* by die huis het, gaan luister 'n bietjie hoe die tromme en die bass saam daai song máák. As jy nie *Nevermind* by die huis het nie, moet jy ernstig 'n plan maak om dit in die hande te kry. Dit hoort net ná Mozart in jou versameling, as jou CD's alfabeties gerangskik is soos myne.” Hy lyk skielik effens verleë omdat hy so meegevoer geraak het.

Frik staan uit sy bank op. “Ek sal probeer,” sê hy manhaftig. ’n Paar stemme juig hom entoesiasties toe.

“Nou goed, laat ons kyk of ’n tjellis genoeg ritme en genoeg krag in sy arms het om tromme te speel ...” sê meneer Marx skepties toe Frik windgat agter die tromstel gaan sit.

Ons begin speel. Frik tokkel eers versigtig op die tromme, asof hy hulle uittoets, en dan trek hy los. Ek en Zane kyk vir

mekaar en hou op speel. Die klas skater van die lag. Frik moker net links en regs die tromme. 'n Paar mense druk hulle ore toe. Hy het duidelik nie 'n idee wat hy doen nie. Meneer Marx skud sy kop en beduie hy moet ophou.

“Dankie, Frik. Ek dink jy moet jou voorlopig by jou tjello en by rugby bepaal. Is daar enigiemand wat hier op wil verbeter? Komaan, julle ouens wat perkussie speel?”

Niemand reageer nie.

“Uhm ... Meneer, kan ons dalk vir die vocals probeer?” vra Zane.

Meneer Marx glimlag. “So, enigiemand wat wil sing?”

Johan Meiring steek sy hand op. “Meneer, as Frik gaan probeer sing ook, wil ek asseblief eers kamer verlaat.”

Die klas skater. Frik leun agtertoe en gee hom ’n hou op die skouer.

“Ek en Cecile sal saam

probeer,” kondig Linette Marais aan. Ek en Zane kyk met ’n frons na mekaar. Linette en Cecile sing elke jaar ’n duet by die skool se talentaand. Nie een van hulle dra vreeslik swaar aan hope sangtalent nie.

Die twee word nogtans entoesiasties toegejuig. Dis duidelik hier gaan nie vanmiddag ’n ernstige orkesoefening gehou word nie. Ek kan my ore nie glo toe hulle lostrek nie. Van alle liedjies

op aarde kies hulle *Mamma*,
ek wil 'n man hê. Dis 'n
spesiale weergawe met
heelwat stemwisseling en selfs
'n dans-move of twee waaraan
hulle duidelik al heelwat
geoefen het. 'n Paar ouens gee
wolwefluite en begin luidkeels
saamsing. “Sê vir jou mamma
jy't een gekry, Cecile!” roep 'n
growwe stem agter uit die
klas.



“Orraait,” bring meneer Marx die spulletjie tot bedaring.

“Dankie, meisies. As almal klaar probeer het, sal ek met hierdie twee ouens praat en hoor in wie hulle belang stel.”

Cecile en Linette het ten minste die ys gebreek. Dit lyk

of niemand meer skaam is om ná hulle te sing nie. Ek en Zane speel 'n paar note saam as ons die liedjies ken. Ek maak notas in my kop terwyl die een ná die ander vorentoe kom en sing.



Frank Richter: Klink soos een van daai hartseer cowboys in die Westernflikeks.

Vincent Abrahamse:
Surprise, surprise. Dié ou rap soos 'n pro. Dis jammer ek en

Zane is nie eintlik into rapmusiek nie.

Maryke Venter: Nie te sleg nie – sy sal 'n goeie opvolger vir Patricia Lewis wees. Wil ons vir Patricia Lewis in ons band hê? Hmm ...

Lydia Beukes: Die eerste een wat 'n proper rockliedjie sing. The Foo Fighters se *All my life*. Ek en Zane speel die hele liedjie saam. Lydia het die looks. Lydia het die ritme. Lydia het die attitude.

Ongelukkig het Lydia nie die stem nie. Sy klink soos 'n hamster wat helium ingekry het. Zane kyk opgewonde vir my en knik entoesiasties met sy kop. Ek skud my kop beslis. Jammer, Lydia.

“Enigiemand anders?” vra meneer Marx. Die klas gesels opgewonde, maar niemand anders bied aan om vorentoe te kom nie.

Daar is 'n gebrom in die voorste rye. Een van Liezl

Kritzinger se vriendinne probeer haar sover kry om haar hand op te steek. “Hei, Liezl!” por iemand anders haar aan. “Gaan, man!”

“Liezl?” vra meneer Marx.

“Sy’s vrek goed, Meneer,” sê iemand. “Meneer moet haar hoor.”

“Hoe lyk dit, Liezl?” vra meneer Marx.



Liezl skud net haar kop, haar gesig bloedrooi.

“Lie-zl! Lie-zl! Lie-zl!” cheer ’n paar ouens. Zane kyk opgewonde vir my.

Liezl vee haar hare agtertoe en versit haar haarrekkie.

“Oukei!” sê sy en steek haar hande in die lug asof sy oorgee. Sy staan op en stap

vorentoe.

As Zane nog groter glimlag,
gaan sy mondhoeke skeur.



Liezl staan voor in die klas en vat weer haar hare agter haar kop vas, asof sy haar gedagtes bymekaar probeer kry. “Oukei, speel weer *Smells like teen spirit*,” sê sy.

Ek sukkel om nie verbaas te

lyk nie. Ek en Zane val weg met die kitaar-intro. Ek doen my bes om te konsentreer. Doem-doem-de-dum-de-dum-dum. Doem-doem-de-dum-de-dum-dum.

Ek mis 'n paar chords toe Liezl begin sing.

“ ... *she's overboard and self-assured* ... ”

Ek kan dit nie glo nie. Sy's incredible! Haar stem is diep en heserig soos dit hoort op die koorgedeelte. Ek kyk vir

Zane en probeer sy aandag trek. Maar hy staan oopmond na Liezl en staar. Hy lyk totaal gehipnotiseer – dis ’n wonder hy kry ’n enkele chord gespeel.

Liezl hou onverwags in die middel van die koorgedeelte op met sing. Ek en Zane speel nog ’n paar chords en hou dan op. Die klas cheer luidkeels. Liezl stap verleë terug na haar stoel toe.

“Wag.”

Almal kyk verbaas om. Eers

toe die girl weer praat, sien ek wie dit gesê het.

“Sing dit weer.”

Ek is nie seker wat haar naam is nie. Sy's nuut in ons klas. Ek het haar die hele twee weke sedert die skool begin het nog nie 'n woord hoor sê nie. Haar stem pas by die res van haar – groot en grof.

Liezl bly staan onseker by haar stoel.

“Uhm ... Sibongile,” sê meneer Marx en selfs hy klink

half onseker oor haar naam.

“Wil jy dit weer hoor?”

Sy staan op en stap vorentoe.

“Ek wil nie net luister nie, ek wil speel. Drums.”



← Sibongile ≈ Bongi

Frik van Tonder gaan
kliphard aan die lag.

Frik het die irriterendste
laggie van enigiemand wat ek

ken. Sy stem het lankal gebreek, maar hy giggel nog steeds soos 'n sewejarige meisie. Om Frik se stem te gebruik om te giggel, is soos om 'n rockkitaar te gebruik om *Twinkle twinkle little star* te speel. Dit klink net nie reg nie.

Sibongile gaan staan langs Frik se bank en kyk uitdrukkingloos na hom. Die ander ding van Frik se giggel is dat hy baie moeilik daarmee ophou as hy eers begin het. Nie

eens 'n meisiekind wat
heelwat groter as hy is en wat
dreigend langs sy bank staan,
kan hom laat ophou nie.

“Wat’s jou naam?”

Die hele klas is doodstil.
Frik se gegiggel droog sowaar
op.

“Hm?”


“Wat. Is. Jou. Naam?” vra sy
afgemete.

Frik word bloedrooi. “E ...
Frik,” sê hy half
verontwaardig, half verbaas.

“Frik van Tonder.”

Die meisie leun oor na Frik toe. “*Frik* rym met *tik*. *Frik*, eendag gaan iemand jou nog dik *tik*. En *Van Tonder ...*” Sy glimlag dat haar oë op skrefies trek. “Van Tonder, eendag gaan iemand jou nog ...”

Frik
eendag... tik
Van Tonder
eendag...



Die hele klas hou asem op
terwyl die sin in die lug bly
hang.

Frik lyk of jy hom met 'n

veertjie kan omtik.

“Noem my sommer Bongi,”
sê die meisie, en dit lyk of sy
met die hele klas praat.

Sy stap vorentoe, knik vir my
en Zane en maak haar agter die
tromstel tuis. Daar is 'n
glimlaggie om haar
mondhoeke. “Toe, kom,”
beduie sy vir Liezl.

Liezl stap weer vorentoe.

Ek en Zane kyk al twee vir
meneer Marx. Selfs hy lyk
effens uit die veld geslaan. Die

orkeslede brom soos 'n nes
vol bye. Net Frik sit oopmond
voor hom en staar.

Ons trek weer weg. Bong
val op presies die regte plek in
met die tromme. Ek kan my oë
en my ore nie glo nie. Haar oë
is styf toegeknyp, asof sy bang
is om te kyk wat sy doen. Haar
tong se punt steek effens by
haar mond uit en sy byt dit vas.
Haar kop en haar ken knik
ritmies saam met die beweging
van haar arms. Sy moker die

tromme met haar hele lyf en sy mis nie 'n beat nie. Liezl val op die verkeerde plek in en Bongi twist die beat net 'n bietjie om vir Liezl in te trek by die song. By Liezl se sanggedeeltes gooi Bongi haar kop agteroor en tik die tromme liggies, tong uitgesteek asof sy die beat proe.

Unbelievable. Ek kry selfs die moeilikste dele van die song beter reg as wat ek en Zane nog ooit by 'n oefening

kon doen.

Ons speel die song enduit.

Liezl se stem sterf weg. Die klas is doodstil.

Bongi sit die tromstokkies neer en vee oor haar mond.

Ek het nog nooit soveel verbaasde gesigte in een klas gesien nie.

Meneer Marx kug en kyk op sy horlosie. “Nou ja, julle oefening is amptelik verby. Zane, jy en Tiaan kan by my inskrywingsvorms kom kry vir

die Rumoer-kompetisie sodra
julle besluit het oor lede vir
julle band. En ... e ... moet
asseblief nie weer my
orkesoefening kaap nie.”

Nota aan self:

Dis gevaarlik om
party girls te
onderskat.



Casanova op sy knieë

“Ek is jammer, julle ouens, maar ek kan nie.”

Liezl lyk regtig jammer. Ek kan dit amper nie glo nie. In my verbeelding kon ek al sien hoe ons vier saam in 'n band gaan lyk. En ek het nogal gehou van wat ek sien.



Casanova op sy knieë

“Maar hoekom nie?” vra Zane. “Jy’s great!”

Sy glimlag verleë. “Ek is bang ek gaan nie genoeg tyd hê vir oefen en sulke goed nie. Tussen my musieklesse en sport en als deur – ek’s vrek besig.”

Zane kyk moedeloos vir my.
“Wat kan ons doen?” Hy sak
op sy knieë af. “Sal dit help as
ek op my knieë smee? Kyk,
ek’s op my knieë ...”

Liezl vou haar arms en kyk
hom vies aan. ’n Paar kinders
wat verbystap, giggel, maar
soos gewoonlik is openbare
vernederings nie vir Zane ’n
probleem nie.

“Liezl Kritzinger, sal jy
asseblief in ons band wees?
Ons belowe om jou soos ’n

prinses te behandel ... ons kan oefen net wanneer jy wil, ons ...”

“Dis nie hoe jy ’n band begin nie.”

Zane kyk verbaas op.

Bongi vat-vat aan haar hare en blaas ’n groot bubblegumborrel, asof sy vir Zane kans wil gee om te besef hoe stupid hy lyk so op sy knieë voor Liezl.

“Wat bedoel jy?”

“Wel, jy kan nie eintlik

iemand vra om in 'n band te wees voor jy 'n naam vir die band het en besluit het wanneer julle oefen en watse soort songs julle gaan sing en of julle oor die weg kom en sulke goed nie. Ons kry mekaar môremiddag ná skool by die Milky Lane oorkant die dieretuin en dan kan ons chat oor die band. Oukei?” Sy kyk vraend vir Liezl. “Of het jy iets op 'n Vrydagmiddag aan die gang?”

Liezl lyk stomgeslaan. “Wel ... nee. Ek bedoel, oukei. Reg so.” Sy tel haar tas op. “Ek moet gaan. Sien julle dan môre ...”

“Later, alligators,” sê Bongie en draai om.

Ek en Zane bly alleen agter. “Ek dink jy kan nou maar opstaan,” sê ek.

Zane kom verleë orent. “Het jy al in jou lewe so ’n bossy meisiekind gesien?”

“Wel, dit het beter gewerk as

om op jou knieë te staan en pleit, of hoe?”

Zane glimlag onverwags en gryp my met een hand om die skouer. “Fourietjie, jy praat met ’n man wat pas sy hart verloor het ...”

“Ja, dié Bongi is ’n ongelooflike girl,” treiter ek.

“Nie Bongi nie, man. Liezl Kritzinger weet dit nog nie, maar die jagseisoen is oop en Cupid het ’n pyl met my naam op reg vir haar.”

“Flippit, waar kom jy aan al die nonsens!”

Hy grinnik asof dit ’n kompliment was. Ek het nog nooit iemand gesien wat so vinnig verlief kan raak soos Zane nie. Dis asof hy iewers ’n knoppie het wat hy aanskakel en dan is hy dadelik halsoorkop verlief op ’n meisie en hy basuin dit uit vir die hele wêreld om te weet.

Nota aan self:

Zane se
hart is soos 'n
amplifier.

Die Gids

Tiaan en Zane se Gids tot Meisies

Hierdie boek bevat alles wat Tiaan Fourie
en Zane le Roux oor meisies weet.

Die Gids het in graad 8 die
eerste lewenslig aanskou. Die

ontstaan daarvan was, as ek reg onthou, te danke aan Zane wat 'n liefdesteleurstelling gehad het. Zane het in sy sestien jaar op aarde al meer liefdesteleurstellings gehad as wat Vin Diesel push-ups gedoen het.

Ons het die dag 'n les oor weerpatrone gehad, en Zane het besluit as 'n mens goed soos donderstorms kan voorspel, dan behoort jy meisies se gedrag ook te kan

voorspel. Die geheim is, soos ons in die MSW-klas geleer het, om goed waar te neem.

Die Gids is een van daardie swart-en-rooi Croxley-boekies. My ma het dit oorspronklik gekoop om resepte in te skryf, maar ek en Zane het dit een middag vasgelê en so het dit die Gids geword. Daar is buitendien net twee resepte in, en ek dink ek het myself en die res van my huisgesin 'n guns gedoen om

hulle van “Myra se
pampoensop” en
“Broodpoeding (genoeg vir
6)” te spaar.

Die Gids het die potensiaal
om eendag een van die
mensdom se waardevolste
besittings te word. Dit bevat
alles wat ek en Zane sedert die
begin van ons
hoërskoolloopbaan oor
meisies uitgevind het,
genommer van 1 tot 238. Drie
nommers, 11, 26 en 119 is

doodgetrek nadat Zane hulle
getoets en verkeerd bevind het.

~~#11. As 'n meisie lipstick aansit op 'n eerste
date, beteken dit sy wil saen.~~

Ek en Zane beplan om
duisende kopieë van die Gids
te laat druk as ons agtien word
en dit deur 'n ondergrondse
netwerk te versprei na ouens
van alle ouderdomme wat nie
meisies verstaan nie – dit wil
sê ongeveer alle mans tussen
die ouderdom van 5 en 95.

Party van die inskrywings is heel basies, ander is meer gevorderd. Van die 238 reëls in die Gids het Zane baie meer as die helfte bygedra.

#48. Meisies hou van Brad Pitt omdat hy nie sy mond heeltemal oopmaak as hy praat nie. Hy brom. Dit laat hom geheimsinnig lyk.

My eie ervaring met meisies is maar beperk. Ek was aan die begin van die jaar laas verlief op 'n meisie, wat ek by

die see ontmoet het. Ons het op die laaste dag selfoonnommers uitgeruil, maar die nommer wat sy my gegee het, het behoort aan 'n ou oom in 'n ouetehuis op Marquard. Ek het dit uitgevind ná ek 'n week lank die een romantiese SMS ná die ander gestuur het. Ek dink die girl het per ongeluk 'n verkeerde nommer neergeskryf.

#2. Meisies is altyd wreder as wat hulle lyk.
Hoe onskuldiger hulle lyk, hoe wreder is hulle.

As my liefdeslewe nie vinnig
rooskleuriger raak nie, sal ek
oor twee jaar alleen
matriekafskeid toe moet gaan.
Alleen is nog oukei – my pa
het saam met een van sy
niggies gegaan. Hy vertel dit
altyd asof dit 'n moewiese
grap is. As so iets my moet
oorkom, word ek 'n monnik en
kruip vir die res van my lewe
in Tibet of iewers in 'n
klooster weg.

#106. As 'n meisie haar pelle oornooi op julle eerste date is dit oukei. As sy hulle op die tweede date ook nooi, kan jy maar van haar vergeet.

#144. Kry 'n meisie se ma aan jou kant — as haar ma van jou hou, sal sy so half verplig wees om ook van jou te hou.

Flippit, waar kom Zane aan al die stuff?

Ek het lank laas deur die Gids geblaai, daarom maak baie dinge vir my sin toe ek een van die mees onlangse

inskrywings sien.

#235 Meisies hou van ouers in rock bands.

Zane het duidelik 'n rede
waarom hy so gretig was om
die band te begin. Ons kan
netsowel die band Cupid of
Malverlief of Meisievanger of
so iets noem.

Nota van Self:

Zane sal partykeer
absolument

ENIGLETS
doen om 'n girl te kry

Wat's in 'n naam?

“Cupid?”

~~cupid~~

Ek knik.

Zane lyk skepties. “Dit klink

nie soos 'n rockgroep nie.”

Bongi vat 'n sluk van haar milkshake en trek 'n stuk papier nader. “Dis ten minste 'n voorstel.” Sy skryf dit neer en kyk afwagkend na ons.

“Enige ander voorstelle?”

Zane sit en loer vir Liezl, Liezl sit en roer ingedagte haar koffie en ek en Bongi kyk ongemaklik vir mekaar.

Liezl sit onverwags haar teelepel neer. “Luister, julle, ek is nog steeds nie seker of ek

in die band kan wees nie.”

Zane se gesig val omtrent tot op die vloer. “Maar hoekom nie? Dit gaan nie soveel tyd vat nie. Ons moet net drie songs kry vir die kompetisie. Jy kan sê wanneer ons moet oefen en ...”

“Niemand van ons weet nog of ons in die band wil wees nie.”

Ek kyk verbaas na Bonggi.

Sy trek haar skouers op. “Ek weet ook nog nie of ek in die

band wil wees nie.”

Zane lyk moedeloos. “Nou hoekom het julle dan flippen oudisies gedoen?”

Nie een van ons doen die moeite om hom daaraan te herinner dat Liezl onder protes ’n oudisie gedoen het nie.

“Die kompetisie is oor net minder as twee maande,” sê Liezl moedeloos. “Ons het nog nie ’n naam nie, ons het nog nie een liedjie nie, ons het nog net een keer saam gespeel, ons

het nêrens om te oefen nie ...”

“Moenie worry nie,” sê Zane met ’n glimlag, “Tiaan-hulle het ’n lekker garage ...”

“No way!” keer ek. “My ma gaan ’n oorval kry. Sy kla al genoeg as ons twee kitaar oefen in die garage.”

Zane kry dit reg om tegelyk verwyttend na my en pleitend na Bongie en Liezl te kyk.

Bongie sit en speel met een van die pakkies suiker. “Sê my, watter soort band gaan ons

wees?”

Zane kyk vir my. Ek kyk vir Zane.

Bongi sug. “Oukei, watter soort musiek gaan ons maak?”

Zane sit sy koeldrank moedeloos neer. “Wel ... musiek, man ... soort van ... ek weet nie. Ons maak musiek en kyk wat daar uitkom!”

“Orraait,” sê Bongi. “Oukei. Die kompetisie is oor twee maande. Ek is bereid om vir een maand lank by die band

aan te sluit.” Sy glimlag
spottend. “Dis ’n ...
proeftydperk vir ’n band wat
nie weet wat sy naam is,
watter soort band hy is of
watter soort musiek hy maak
nie ... Wie is nóg bereid om vir
’n maand lank aan te sluit?”

Zane steek sy hand
entoesiasties op en kyk angstig
vir my en Liezl. Ek steek my
hand op.

Liezl begin onverwags lag.
“Nou goed. ’n Maand. En wat

daarná?”

“Ná ’n maand besluit ons of dit gaan werk.” Dit klink half of Bongi die hele ding lank voor die tyd uitgewerk het.

“Dit behoort genoeg tyd te wees om uit te vind hoe erg ons ons name gaan gat maak ...”

“Oukei,” sê Liezl. “Fair enough.”

Bongi glimlag ingenome.
“So, nou het ons ’n band.
Amptelik.”

Niemand sê iets nie. Selfs Zane is vir 'n verandering tjoepestil – miskien omdat hy te besig is om van oor tot oor te glimlag.

Ek tel my rugsak langs my stoel op en haal die inskrywingsvorm uit wat meneer Marx vir my gegee het. “Ons kort 'n naam vir die band en 'n kort biografie van elkeen van die lede. Die inskrywings sluit al volgende week.”

“En ons kort drie songs ook

...” sê Liezl bekommerd.

Ek kyk die vorm deur. “Nee, hier staan ons hoef nie voor die tyd ons songs se name in te vul nie.”

“Solank ons net nie die band Cupid noem nie,” sê Zane.

Bongi trek weer haar papier nader. “Enige ander voorstelle?”

Zane kyk om hom rond vir inspirasie. “Dit kan nie so moeilik wees nie. Milky Lane? Milkshake? Waitress? Vetkol?

Ou Tannie Met 'n Poedel?"



“Stadiger,” proes Bongi wat probeer om alles neer te skryf.

“Onthou, dit moet 'n Afrikaanse naam wees,” herinner Liezl ons, “dis tog 'n Afrikaanse band-kompetisie.”

Ek trek 'n gesig. “As die band se naam Vetkol is, bedank

ek.”

“Jy kan nie,” sê Bongib
saaklik. “Jy mag eers ná ’n
maand bedank.”

“Wel, dís my voorstelle,” sê
Zane kamma omgekrap.

Bongi kyk na Liezl.

“Wel ... e ... dis tog ’n
rockgroep, so miskien moet
ons gaan vir iets alternative.”

“Soos?”

Liezl frons. “Ek weet nie.
Vlakvark? Brommer?”



“Cool,” sê Zane.

“Die een hou van modder en die ander een hou van ... tjorts,” brom ek.

Zane gluur my aan, maar Liezl lag net. “Jy’s reg. Dis stupid name.”

Die waitress kom vra of ons nog iets wil hê. “Ja, een vuurwarm, kraakvars naam vir ons band, asseblief,” sê Zane.

Die meisie gee hom ’n vuilerige kyk. “Dan bring ek maar die rekening.”

Dit lyk of almal se idees opgedroog het. Bongi sit en speel met een van die suikerpakkies wat saam met Liezl se koffie gekom het.

“Miskien moet ons vanaand daaroor slaap,” stel ek voor.

“Dan bel ons mekaar môre en
ruil idees uit. Onthou dat ons
mekaar se telefoonnommers
...”

“If life keeps handing you
lemons, make lemonade.”

Ek kyk verbaas vir Bongi wat
my in die rede geval het.

“Wat?”

Bongi hou die suikerpakkie
na ons toe. “Daar’s mos sulke
prekies agterop die
suikerpakkies geskryf. Hierdie
een sê: *If life keeps handing*

you lemons, make lemonade.

Dis weird. Suiker met 'n boodskap.”

“Dalk is dit soos ... destiny of iets,” spot Zane.

“Hoekom nie?” vra Bongi.

“Miskien moet ons —”

“Suurlemoen!”

Almal hou op praat en kyk vir my. Ek is self verbaas dat ek so hard gepraat het.

“Skuus?” vra Liezl.

Ek glimlag. “Suurlemoen. Hoekom nie? Dis 'n

Afrikaanse naam, dit sê lekker, dis alternatief ...”

Zane frons asof hy pas ’n suurlemoen gehap het. “Is dit nie bietjie boring nie?”

“Met ’n uitroepteken by,” sê ek. “Suurlemoen!”

“Ek hou daarvan,” sê Liezl.

Bongi knik. “Ek ook.”

Ek kyk na Zane.

“Suurlemoen!” Hy glimlag.

“Oukei. Dis nice.” Hy tel die suikerpakkie op wat Bongi op die tafel laat lê het. “As jy nie

omgee nie, gaan ek hierdie in my kitaar-case sit. Dis ons gelukbringer.”

Liezl kyk op haar horlosie. “Wat moet ons nog doen?”

“Ons moet ’n kort biografie van elkeen van die lede van Suurlemoen! saamstuur,” sê ek. “Ek kan dit sommer op my rekenaar doen as julle wil. Ek het my kamera saamgebring – ek kan julle elkeen se foto neem en die inligting bysit.”

Zane leun agteroor. “Wat

moet alles in so 'n biografie kom?”

“Al jou donkerste geheime ...” sê Bongi. “Toe, praat, ek sal skryf. Dis sommer 'n lekker manier om mekaar beter te leer ken.”

Ons kelnerin sit die rekening op die tafel neer. Skielik kry ek 'n plan. “Ekskuus, maar kan ons asseblief 'n paar suurlemoenskyfies kry?”

Sy frons. “Wat?”

“Suurlemoenskyfies,” sê ek.

“Julle sit tog
suurlemoenskyfies in die water
– ons sal daarvoor betaal as jy
wil ...”

Liezl lyk geamuseerd. “Wat
wil jy daarmee maak?”

“Ons gaan dit opeet,” sê ek.
“En foto’s neem ...”

Suurlemoen

SHUR...!

Liezl Kritzing

Vocals



Wiel

Ouderdom: 16

Stokperdjies: Musiek, lees,
hokkie, atletiek, perdry.

Vyf woorde wat jou beskryf:
'n Mens kan nie jouself in vyf woorde beskryf nie. Jy sal buitendien jok as jy jouself in vyf woorde moet beskryf.

Kosbaarste besitting: My ou lapkat, Pandora. Ek het dit al van my geboorte af. Dis eintlik Garfield, maar om een of ander rede het ek besluit die kat se naam is Pandora. Ek kan nie onthou hoekom nie. Weird.

Jou diepste, donkerste geheim: I'll tell you, but then

I'll have to kill you ...

Voltooi: Suurlemoene is ...
lemoene met attitude.

Zane le Roux

Baskitaar

Nie



Ouderdom: 16 ½

Stokperdjies: Is stokperdjies goed soos seëls versamel?

Yeah, right! Ek hou van flik, kitaar speel en meisies! (Nie

in hierdie volgorde nie.)

Vyf woorde wat jou beskryf:

Romanties. Snaaks. Blond.

Sixpack. Single.

Kosbaarste besitting: My

haarjel. Dis wat Tiaan sê. Hy's

simpel. My haarjel is definitief

nie my gunsteling-besitting nie.

My Levi-jeans is.

Jou diepste, donkerste geheim: Ek het een

~~seksuele ervaring gehad wat my nie soos 'n ander mens laat voel het.~~

ete en ons het later – jy weet...

Voltooi: Suurlemoene is ...

flippen suur! (Kyk foto hier

bo.) En “Suurlemoen!” is 'n

great naam vir 'n band. Tiaan
het dit uitgedink en ek het eers
gedink dis boring, maar nou
dink ek dis cool. Sorry, Tiaan!

Tiaan Fourie

Kitaar



Ouderdom: 16

Stokperdjies: Versamel
comics. Fliek. Speel rekenaar-
games. Luister musiek. Neem
foto's.

Vyf woorde wat jou beskryf:

Bruin hare en groen oë.

Kosbaarste besitting: 'n Getekende CD van R.E.M. Ek het twee ure lank in 'n ry gestaan sodat hulle dit kon teken toe hulle in Suid-Afrika was. Michael Stipe het my naam verkeerd gespel (dit lyk soos “Taiwan”), maar dis oukei.

Jou diepste, donkerste geheim: Ek kan nie dans nie. Glad nie. Die meeste mense sê hulle kan nie dans nie, maar

dan beteken dit hulle kan nie
tango nie of hulle kan nie wals
nie. Ek kan GLAD nie dans
nie. Die laaste keer wat ek
probeer het, was op 'n troue.
Die bruid het aan die lag
gegaan en pons op haar rok
gemors.

Voltooi: Suurlemoene is ...
vrugte waarmee jy elektrisiteit
kan opwek. Genuine. Ons het
dit in graad 7 in die
natuurwetenskapklas gedoen.
Jy druk twee muntstukke in die

suurlemoen, verbind dit met draadjies aan 'n gloeilamp en dan maak dit lig. As jy my nie glo nie, gaan kyk in die graad 7-NW-boek. (Of dalk was dit graad 8.)

Bongi Kganare

Tromme



Ouderdom: 15 $\frac{3}{4}$

Stokperdjies: Musiek

Vyf woorde wat jou beskryf:

Ek. Vat. Nie. Nonsens. Nie.

Kosbaarste besitting: My

tromstel. Dit was eers my
broer s'n voor hy oorsee is.

**Jou diepste, donkerste
geheim:** Ek het een van
Britney Spears se CD's. Haar
Best Of-album. Dis nie my
skuld nie – ek het dit in 'n
kompetisie gewen. Ek het
eintlik ingeskryf om 'n selfoon
te wen.

Voltooi: Suurlemoene is ...
die hoofbestanddeel in
lemonade, suurlemoensap, die
suurlemoendieet,

suurlemoentert, suurlemoentee
en sommige air fresheners. In
'n noodgeval kan jy hulle
gebruik vir krieketballe (as jy
genoeg het), vir
selfverdediging
(suurlemoensap in die
aanvaller se oë), om jou tande
en jou hare te bleik (ek het dit
iewers gelees) en as 'n naam
vir jou band.

LAWQAI

“En een, twee, drie ...”

Op Bongi se telling val ons in.

Dis amazing hoeveel geraas ’n stel tromme, twee kitare en een girl agter ’n mikrofoon kan maak.

Ons is seker die enigste band

wat op so 'n weird manier
bymeekaargekom het, maar ons
klink regtig nie te sleg nie. Een
van Bongi se neefs het haar
tromstel met sy bakkie gebring.
Dis ongelooflik hoe vinnig sy
'n song se beat leer. Sy het
twee van die liedjies wat ons
tot dusver gespeel het glad nie
geken nie, maar ons het dit
twee keer op die CD-speler
geluister en toe kon sy begin
saamspeel. Dis songs wat my
en Zane weke gevat het om

onder die knie te kry. Ek maak
noggans 'n paar foute – dis
heeltemal anders om skielik
saam met twee ander mense te
speel.



Ek weet nie wat my ma en pa
gaan sê as hulle uitvind my
nuwe band oefen in die garage
nie. Ek moes hulle seker eers
gevra het voor ons begin het,
maar Zane sê altyd 'n mens

wag tot die pōpō vanself die fan strike, dis nie nodig om die ding te gooi nie.

Bongi eindig die song met 'n windmakerige tromsolo.

“Kookwater!” sê Zane beïndruk.

Bongi glimlag. “Ons klink oukei.”

“Ons klink meer as oukei,” sê Zane.

“Ja, maar ons moet een of ander tyd begin om ons eie songs te speel. Songs wat ons

nog nie hét nie ...”

“Gee maar kans,” sê Zane.

“Ons gaan binnekort ons eie tunes begin maak.” Hy speel ’n verspotte riff om sy punt te maak.

“Ek het vandag ons inskrywing gepos,” kondig ek aan. “Suurlemoen! is amptelik ingeskryf vir die Rumoer-kompetisie.”

“Great!” sê Zane.

Liezl vat ’n sluk water uit haar bottel en kyk op haar

horlosie. “Hoor hier, julle, ek moet waai.”

Zane sit vinnig sy kitaar neer. “Wag, ek stap saam met jou. Ons bly min om meer in dieselfde rigting.”

Yeah, right. Zane en Liezl bly in dieselfde rigting soos Kaapstad en Jo’burg min of meer in dieselfde rigting is. Hy’s so obvious. Hy het vanoggend voor skool vir my gesê vandag is die dag dat hy Liezl vra om saam met hom te

gaan fliek. Party ouens sal so iets sê en dan sukkel hulle weke lank om dit te doen, maar nie Zane nie.

Zane maak sy kitaar teen die muur staan en skakel sy amp af. “Nou ja, cheers!”

“Sien julle môre,” sê Liezl.

Bongi glimlag toe hulle uit is. “Daar’s iets aan die broei, hm?”

Ek trek my skouers op.

Bongi skuif haar tromstel tot teen die garagemuur. “Zane is

’n regte Casanova.”

“Nie regtig nie. Ek bedoel, hy’s mal oor girls, maar hy’s ’n nice ou.” Ek weet nie hoekom ek Zane skielik wil verdedig nie. “Hy sal nie met ’n meisie mors nie – hy’s gewoonlik so erg verlief dat hulle met hóm mors. Dinge ... gebéúr net met Zane. Hy raak verlief op dieselfde manier as wat hy gedurig in die moeilikheid beland: sonder dat hy dit beplan. En hy’s nie so ’n

dofkop as wat hy lyk nie.”

Sy lag. “Dis ’n weird
kompliment.”

Ek glimlag. “Zane is weird.”

Nota aan self:

Hoekom gaan flik mense op
'n eerste date? Eerste dates
is tog veronderstel om 'n
manier te wees om mekaar
beter te leer ken. Hoe kan
jy mekaar beter leer ken
as julle in die donker sit in
'n plek waar julle nie met mekaar
mag praat nie?

Song

Dit kan nie so moeilik wees om 'n song te skryf nie. Mense doen dit elke dag. Ek dink die groot ding is om eers te besluit waaroor om te skryf. Ek sit en kyk om my rond vir inspirasie. Party liedjies gaan oor doodgewone, alledaagse goed.

- Waaiër
- Wekker
- Comics
- PlayStation
- Skooltas
- Nikes
- Katy Perry
- Vuil sokkies

Nie een van die dinge op my lys lyk eintlik na iets waaroor mens 'n liedjie kan skryf nie. Miskien kan ek skryf oor hoe Katy Perry op 'n dag van die plakkaat afklim en in lewende lywe in my kamer verskyn ...

Ek sug en staan op om vir my koeldrank te gaan ingooi. Ek wonder hoe dit met Zane se poging gegaan het om Liezl uit te vra vir 'n fliek. Daar is nog van gisteraand se oorskietpizza in die yskas. Ek haal dit uit en gooi vir my 'n groot glas Coke in. Toe ek dit optel om te loop, vang iets my oog. Ons het actually suurlemoene in die groentemandjie. Ek sit die Coke en pizza weer neer en tel een van die suurlemoene op.

Ek het nog nooit opgelet dat 'n suurlemoen eintlik nogal nice lyk nie. Dit sal great lyk op 'n T-shirt of voor op Bongi se drum kit.

Ek pak die suurlemoen bo-op die bord met pizza, vat my Coke en stap terug kamer toe. Terwyl ek sit en eet, bestudeer ek die suurlemoen. Miskien kan 'n mens 'n song oor 'n suurlemoen skryf – om by ons naam te pas. Onder in my lessenaar se laai is 'n pak van

daai geel Post-It-plakkers. Ek
haal 'n skoon papier uit my
printer en skryf “Suurlemoen”
boaan.

Suur/lemoen

Suur

Suurstof

Soet-suur

Soutsuur

Versuur

Lemonade



Suurgesig

Dis stupid. Ek kan nie aan
nog suurlemoenwoorde dink
nie. Ek trek die foto's nader
wat ek geneem het vir ons
inskrywingsvorm-bios. Dis
cool, maar dis nie eintlik
vleiend nie. Ek wens ek het
swart hare gehad, of blond.
Bruin hare is doodvervelig.
Party ouens, soos Zane, het net
al die luck. Hy lyk selfs oukei
as hy sy gesig op 'n plooi trek.
Ek vat die pen en skryf nog 'n
woord by my lysie.

Suurgat.

“Tiaan.”

Ek wip van die skrik.

“Haai, Ma.”

Haar gesig voorspel
moeilikheid. “Ek het nou net ’n
telefoonoproep gehad ...” As
my ma haar sinne so in die lug
laat hang sonder om hulle klaar
te maak, moet jy weet daar’s
moeilikheid.

In my verbeelding kan ek
pitte die hele kamer vol sien

spat. Dames en here, die pôpô
het pas die fan gestrike.

Senuweebrakke

Liezl lyk of sy haar ore nie kan glo nie. “Jy bedoel ons het ’n hónd ’n senuwee-ineenstorting laat kry?”

“Twéé honde,” sê ek. “Dis nou as jy ons buurvrou se poedels hónde wil noem. Sy vat die goed elke week hondesalon toe om geborsel en

gepamperlang te word. Sy't vir my ma gesê die musiek het die twee brakkies so omgekrap dat hulle nie wil eet nie.”

“Nie sleg vir ’n eerste probeerslag nie,” spot Zane.

Ek sug. “Sy oordryf obviously, maar my ma en pa is lekker vies.”

“En dít oor twee senuweebrakke.”

Ek ignoreer Zane se grappies. “Ouens, ons kan nie meer in die garage oefen nie. Ek is

jammer. Weet julle van 'n ander plek?"

Stilte. Selfs Bongi het vir 'n verandering nie 'n plan nie. Die klok lui vir die begin van die skooldag.

"Ons chat later weer," sê Bongi en tel haar tas op.

"Dis 'n flippen bummer," sê Zane terwyl ons rye toe stap.

"Wat gaan ons nou doen?"

"Ek het nie 'n clue nie."

Hy stamp met sy tas teen my.
"Hei, raai wat ... Ek het Liezl

toe gevra vir 'n flik.”

Ek glimlag. “En?”

“Sy moet die volgende paar aande oefen vir 'n musiekeksamen. Maar sy't darem nie nêé gesê nie ...”

Ek rol net my oë. Zane kan eendag lesse in optimisme gee.

Klankdig

Ons skool is nie juis voor in die koor as dit kom by nuwe idees nie, maar ons is een van die enigste skole waarvan ek weet wat 'n radiostasie het.

Dis eintlik simpel om dit 'n radiostasie te noem – dis 'n mikrofoon en 'n CD-speler

wat gekoppel is aan twee
luidsprekers wat oor die
skoolterrein uitsaai – maar dis
nogtans partykeer pret. Die
“DJ’s” is twee van die
grootste nerds in graad 11, wat
hulleself deesdae Psycho Bob
en Willem noem. Psycho Bob
en Willem speel elke pouse
versoeke en liedjies en
afkondigings. Om een of ander
rede kan ’n mens nie help om
na hulle te luister nie. Hulle is
vir die derde keer hierdie

week besig met 'n versoek van Riek Boshof – “Suzanne, sal jy my asseblief vergewe? Ek’s nog steeds mal oor jou. Riek.” – toe Bongi en Liezl ons opspoor. Ek kan sommer sien Bongi is opgewonde.

“Ek het 'n ander plek gekry waar ons kan oefen.”

“Genuine?” vra ek verbaas.

“Jip,” sê sy.

Zane gryp haar met een arm om die skouer. “Bongi Kganare, jy is my held. Ek

gaan eendag my eersgeborene
na jou vernoem.”

Bongi Kganare le Roux

“Nie so haastig nie,” sê
Bongi koel. “Miskien moet jy
eers die catch hoor ...”

Zane kyk agterdogtig na haar.
“Watse catch?”

“Ek het met meneer Marx
gaan praat. Ek het voorgestel
dat ons die leë orkeskamer
langs die musiekklas gebruik.
Dis vroeër gebruik om die

kadetorkes se toerusting in te bêre, maar meneer Marx sê dit staan al leeg vandat die skool nie meer 'n kadetorkes het nie en dis so te sê klankdig.”

“Wel, dis nie so erg nie,” sê Zane. “Dis daai kamertjie waarin ek en Tiaan nou die dag ons oudisies wou hou. Dis nou wel kleinerig en vol stof, maar dis oukei.”

“Dis nie al nie,” sê Bongzi. “Daar's 'n vangplek. Ek het aangebied dat ons die plek

eers van hoek tot kant sal skoonmaak en dit verf voor ons dit gebruik. Meneer Marx sal Vrydagmiddag die verf koop – as ons dit wil doen, natuurlik.”

Zane se gesig val. “Flippit, dit gaan eeue vat om daai plek skoon te kry!”

“Dis oukei,” sê Liezl. “Ek het nie die naweek iets aan die gang nie.”

“Ek ook nie,” sê ek.

“Dis kinderarbeid,” brom

Zane.

Bongi ignoreer Zane se opmerking op so 'n manier dat hy wéét hy word geïgnoreer. Ek het al agtergekom dis een van haar unieke talente. “Wat my pla, is dis 'n hele week wat ons nie kan oefen nie. Daar's vrek min tyd voor die kompetisie.”


“Dalk kan ons solank aan liedjies begin werk,” stel Liezl voor. “Ons kan elkeen Vrydag 'n paar voorstelle bring vir

songs.” Sy kyk na my en Zane.
“Wat dink julle?”

Ek knik. “Oukei. Klink goed.” Ek sê liewer niks oor my eerste pogings om ’n liedjie te skryf nie.

Zane maak keelskoon.
“Miskien is nou ’n goeie tyd om julle in te lig,” sê hy gewigtig, “dat ek gister nege uit twintig gekry het vir my opstel by Rademeyer ... So, moenie julle hoop op my sit om iets te skryf nie.”

9/20 = ~~34%~~ ~~42%~~ 45%



~~Keep vir my 'n suurtemoon~~
~~swart sal ek daarmee doen?~~

~~deur heen uit~~
~~maak komende~~
~~aan~~

rose is rooi, suurtlemoek is geel
die liedjie gaan jou doodvoel



~~jy is soet en ek is suur~~

~~EK skryf vir jou 'n love song
'n vrolike ~~geel~~ song
'n sad, suur song
'n suurlemoen-love song~~

TE DEPRESSING

~~Liefde is die as die skil~~

My hart is 'n suurlemoen

?

Operasie

Orkeskamer

“Flippit.” Zane fluister dit so half.

Ek moet erken ek is self effens stomgeslaan. Ek het nie die vorige keer opgelet presies hoe erg die orkeskamer lyk

nie. Die skool word volgende jaar 75 jaar oud, en dit lyk of hulle die hele 75 jaar se gemors oor die jare in hierdie één kamertjie gedump het.

“Ek kan nie gló dis wat ons met ons Vrydagmiddag doen nie,” sê Zane.

“Het jy enigiets beter om te doen?” terg Liezl.

“Sure,” sê Zane. “’n Mens kan gaan fliek of iets ...”

Liezl ignoreer sy opmerking.

“Ons sal eers alles moet

uitdra voor ons begin skoonmaak,” besluit Bongi.

Meneer Marx se motor hou langs die klas stil. Hy klim uit en haal ’n groot blik verf uit die kattedak. “A, ek’s bly om te sien julle is hier. Zane, sal jy en Tiaan die ander blik en die lappe en kwaste bring?”

“Hel, daai plek lyk goor,” kla Zane terwyl ons na meneer Marx se kar toe stap.

“Wees bly ons het darem ’n plek gekry. Dis perfek om in te

oefen.”

Zane brom iets terwyl ons die goed uit die kattedak haal.

Bongi en Liezl is besig om ’n ou, stukkende skoolbank uit te dra.

Meneer Marx sit ’n besem teen die muur neer. “Julle kan die banke wat julle nie gaan nodig hê nie hier buite los. Ek het met die opsigter gereël om dit so teen drie-uur se kant te kom oplaai en stoorkamer toe te vat.” Hy kyk op sy horlosie.

“So ja, ek dink julle het nou alles wat julle nodig gaan hê. Ek sal so teen vyfuur weer ’n draai maak om te kom hoor of alles reg is.” Hy haal ’n bos sleutels uit sy sak en haak twee van hulle af. “Ek het met meneer Van Schalkwyk gepraat oor julle oefening. Sodra die plek skoon is, kan julle vir die res van die jaar elke middag hier oefen. Julle kan julle instrumente ook hier los, maar sorg asseblief dat die deur en

die traliehek elke keer gesluit is as julle klaar is. So, vir wie moet ek die sleutels gee?”



Ek, Bongsi, Liezl en Zane kyk vir mekaar. Ek kug. “Uhm, ek sal dit vat, Meneer.”

Meneer Marx glimlag en gee die sleutels vir my. “Sterkte. Hoe lyk dit, gaan julle daai Rumoer-kompetisie wen? Meneer Van Schalkwyk sal

baie beïndruk wees – daar's 'n groot geldprys vir die wenband se skool ...”

“Ons speel al heel orraait saam,” sê Bongi.

Meneer Marx knik. “Dis gaaf. Nooi my 'n bietjie as julle kommentaar wil hê.” Hy draai om en loop.

“Oukei,” sê Bongi,
“waarvoor wag ons?”

'n Uur later is die ou T-hemp
wat ek aangetrek het

natgesweet en vol stof en
verfkolle. Zane het lankal van
sy hemp ontslae geraak.

“Bongi, jy was sweerlik in jou
vorige lewe ’n slawedrywer,”
brom ek toe sy my en Zane die
soveelste keer roep om ’n
swaar boks te help skuif.

“En jy en Zane was seker in
julle vorige lewens twee
Engelse lords – te lui om ’n
vinger te verroer,” kap Bongi
terug.

“Dít,” sê Zane koel, “is ’n

gevaarlike ding om te sê vir iemand wat 'n verfkwas in die hand het ...” Hy mik na haar met die kwas.

“As jy dit waag ...” sê Bongie dreigend.

“Hei, julle, kyk hier!” roep Liezl opgewonde. Haar gesig is bloedrooi en die hare wat uit haar ponytail losgekom het, klou aan haar nek vas. Sy haal iets uit die boks en hou dit op sodat ons kan sien. “Dis outydse plate en 'n platespeler.

Dink julle dit sal nog werk?”

Ek staan nuuskierig nader en haal van die plate uit. “Die vraag is: Wil ons hê dit moet nog werk? Check hier: Sonja Herholdt.”

Liezl haal die platespeler uit sy boks en prop dit by die muur in. “Dit was seker een of ander onnie se goed wat hy besluit het om hier te los toe hy trek.”

“Dalk is dit meneer Marx s’n,” raai Bongi.

Liezl haal een van die plate uit. “*Pop Shop Party Hits*,” kondig sy dramaties aan en sit die plaat op die platespeler. Sy frons teleurgesteld. “Dit draai, maar daar’s nie klank nie.”

Ek lag en wys na een van die groot, outydse speakers waarop Zane sit. “Jy het een van daai nodig. Die goed het nie destyds hulle eie speakers ingehad nie.”

Zane help my om die speakers tot by Liezl te dra.

Die speakers kraak
oorverdowend toe ons hulle
connect. Liezl druk haar ore
toe en draai die klank sagter.
Tot ons almal se verbasing
begin die musiek krakerig
speel.

*O-bla-di, ob-bla-da, life
goes on ...*

“Die Beatles,” sê Liezl
beïndruk.



Zane lyk skepties. “Ek dog dié ouens was so vrek goed?”

“Wat’s verkeerd daarmee?” vra Bongi. “Dis ’n cool song daai.” Sy begin haar lyf skud op maat van die musiek. Toe

die koorgedeelte begin, pluk sy 'n bladmusiekstaander nader en begin sing asof dit 'n mikrofoon is. Sy's skreeusnaaks – haar oë is halftoe en haar kop knik saam met die outydse ritme. Ek en Zane lê soos ons lag.

Die liedjie eindig. Ons klap hande en Bongzi buig plegtig. Sy tel die plaat se buiteblad op en wink vir Zane nader. “Baie dankie,” sê sy met 'n diep, rokerige stem. “Volgende aan

die beurt is ... meneer Elvis Presley met sy treffer *Hound dog*. Kom ons gee vir hom 'n lekker handeklap.”

Zane sug oordrewe, vee met sy hande deur sy hare en vat die staander by Bongi aan toe die musiek begin. Hy skud-skud sy hare en voel aan sy denkbeeldige sidies. Dan trek hy los met: “You ain’t nothing but a hound dog ...” Veral Bongi lyk of sy die show geniet – sy sit op ’n boks en

lag dat die trane by haar wange
afstroom. Zane moes al op 'n
tyd vir Elvis op TV gesien
perform het, want hy maak hom
vrek goed na. Sy heupe wieg
en hy sing met 'n stywe
kakebeen en sulke skrefiesoë.
Toe die song klaar is, sê hy
“Thank you, thank you” deur
gekleemde kake en met 'n bolip
wat aan die een kant opkrul,
wat Bongi weer van voor af
laat uitbars van die lag.

“Jou beurt, Liezl,” sê Bongi

toe sy haar asem terugkry.

“Nee, man,” keer Liezl, “ons moet liewer aan die werk spring. Ons kan begin verf sodra die ...”

“Komaan, moenie chicken wees nie,” sê Bongi en grawe in die boks rond vir ’n nuwe plaat. “Laat ons sien ... A, perfek!” Sy haal die plaat uit die platespeler en met Zane se hulp kry sy die nuwe een opgesit. “Volgende aan die beurt,” kondig sy aan, “Liezl

en Tiaan met ... e ... Sonny en
Cher se treffer *I've got you,
babe!*”

Ek en Liezl kreun ewe hard,
maar Bongsi en Zane klap
hande toe die trekkerige wysie
begin. Liezl sug, glimlag en
maak haar ponytail los sodat
haar hare oor haar skouers
hang. “They say we’re young
and we don’t know,” sing sy
die openingsreël perfek op cue
saam, haar kakebeen slap
sodat haar gesig langer lyk en

haar oë groot en lui soos Cher s'n. Ek begin so lag dat ek my volgende twee reëls al twee mis. Ek val eers by die koorgedeelte in – ook die enigste deel waarvan ek die woorde min of meer ken. Liezl draai na my toe, hou haar hand na my uit en swaai haar kop stadig terwyl sy haar oë in slow motion knip. Ek gaan weer aan die lag.

Bongi draai die klank sagter.
“Volpunte aan Cher – dis

jammer Sonny het die giggels gehad.” Sy staan op en skud die stof van haar broek af.

“Oukei, Elvis, bring die leer – dis tyd om te begin verf ...

Teen môremiddag hierdie tyd moet ons klaar wees – dan maak ons rêrige musiek!”

Nota aan self: Verf is
harder werk as wat ek
gedink het. As die ~~Beatles~~
Beatles ooit 'n klaskamer
moes verf ter wille van
die band, het ek nuwe
respek vir hulle.



“Ek’s mal oor haar, Tiaan.”

Zane lê uitgestrek op my bed,
sy hande agter sy kop gestut, en
staar na die plafon asof hy
Liezl daar sien.

“My lyf is te seer om hierna te luister ...” kla ek.

Bongi het ons selfs plek-plek die klaskamer se mure laat afskuur. Ons het nog nie eens begin verf nie. Ek wonder of ons ooit môre gaan klaarkry. Bongi gaan ons seker nog opkommandeer om Sondag ook te werk.

“Tiaan, ek’s ernstig. Liezl is die ongelooflikste girl wat ek nog ooit gesien het.”

Ek vat ’n sluk Coke. “Zane,

jy het dit net 'n week of wat terug van Marzanne Vermaak ook gesê. Onthou jy, die een wat jou ná een date geïrriteer het?”

“Ja, man,” brom hy ongeduldig, “maar hierdie keer is ... anders. Genuine. Liezl is nie soos enige ander girl nie. Ek kan nie glo ons is al – wat, twee jaar? – twee jaar in dieselfde klas nie en ek kom dit nou eers agter. Sy’s ... incredible! Dink jy sy hou van

my?”

“Hoe moet ek weet?”

“Sy’t nog steeds nie gesê sy sal saam met my gaan fliek nie. Maar sy’t ook nie nee gesê nie ...”

“’n Mens is nie veronderstel om iemand te date as julle saam in ’n band is nie.”

Zane sit regop en kyk my vraend aan. “Wat’s dít nou veronderstel om te beteken?”

“Ek sê maar net ...”

Hy kry weer daardie

dromerige kyk. “Sy’s flippen mooi, sy’s snaaks, sy’s slim, sy like musiek ... Dink jy ek doen iets verkeerd?”

“Wat?”

“Dink jy ek doen iets verkeerd, man? Ek bedoel, sê ek te veel stupid goed of doen ek goed wat sy nie like nie?”

Gewoonlik is dit maklik om vir Zane liefdesraad uit te deel, want hy doen altyd sulke obviously simpel goed. Maar hierdie keer sukkel ek ’n

bietjie om aan iets te dink. Wat sou die agony aunts in die tydskrifte sê? “Wees net jouself, Zane.”

“Serious?”

Ek knik. “Serious.”

Hy sit regop en haal *Tiaan en Zane se Gids tot Meisies* uit ons geheime wegsteekplek agter my bed.

“Wat maak jy nou?”

Hy kyk op. “Ek dink nie ons het dit al ooit neergeskryf nie.” Hy grawe in my tas vir ’n pen

en begin skryf terwyl hy
hardop voorlees: “Nommer
239: Wees net jousef. Dink jy
dit kan werk?”

Miskien is dit glad nie sulke
goeie raad nie.

Wees net jousef...



Lemonade

“Dit lyk nice,” sê Bongi hande in die sye.

Ek staan langs haar en bekyk ons handewerk. “Ek hoop nie meneer Marx of ou Van Schalkwyk kry ’n oorval as hulle dit sien nie. Miskien was ’n muur vol musieknote nie

heeltemal wat hy in gedagte gehad het nie ...”

Liezl glimlag. “Ek wed jou hy gaan mal wees daaroor.”

Zane kom met ’n kreun orent van die skoolbank waarop hy gesit het. Daar is ’n swart verfstreep oor sy gesig. “Hy beter hiervan hou,” sê hy. “Ek dink my rug is morsaf.”

“Arme baby,” sê Liezl en sit haar arm om sy nek. Net toe Zane tevrede glimlag, smeer sy onverwags nog ’n groot swart

verfblerts oor sy neus.

Zane gryp haar vas en probeer die verfkwas afvat.

“Hei, julle twee, oppas vir die verf!” raas Bongi en gryp net betyds die blik verf uit die pad. Hulle hou op stoei vir die kwas.

Bongi gaan sit op haar tromstel se stoel. Haar neef het vanoggend ons instrumente met sy bakkie opgelaai en hierheen gebring. “Is ons nou klaar?”

“Als lyk vir my reg,” sê ek.

“Ek’s nou so honger ek kan omkap.”

“Nog ’n arme baby ...” sê Liezl en kom dreigend nader met die verfkwas.

Ek hou my hande uit om te keer. “As jy dit waag ...” sê ek waarskuwend.

“Wat dan?” vra sy.

“Dan gaan ek –” Voor ek my sin kan klaarmaak, het sy klaar ’n verfstreep dwarsoor my wang geverf. Sy draai haar kop skeef en hou my uitdagend dop

om te kyk wat ek gaan doen.
“Dan gaan ek vanaand ekstra
hard moet skrop in die bad,”
sê ek met ’n sug.

Bongi skuif haar tromstoeltjie
reg agter die tromme. “Voor
julle mekaar heeltemal vol
verf smeer, hoe lyk dit met ons
eerste oefening in ons eie
plek?” Sy begin saggies ’n
ritme op die tromme tokkel.

“Oukei,” sê ek, “as ek uitpass
van die honger en die
verfwalms, kan julle maar

sonder my aangaan.”

Bongi rol haar oë. “Ek het toebroodjies gebring.”

“Ek glo dit nie!” sê Zane. “Ek is al heeldag lank honger en jy’t toebies?”

Bongi staan op en gaan haal die koelsak wat al van vroegoggend af in die hoek van die vertrek staan. Sy rits die sak oop en haal twee plastiekbakke en vier glase uit. “Tonne toebroodjies,” kondig sy dramaties aan, “en ...

lemonade!” Sy begin die glase volskink uit ’n koeldrankbottel.

“Lemonade!” sê Liezl verras.
“If life keeps handing you lemons ...”

“... dan maak jy lemonade,” sê Bongi. “Dis glad nie so moeilik nie. Daar was ’n resep in een van my ma se resepteboeke. Ek het dit gisteraand gemaak. Jy gebruik net water, suiker en natuurlik suurlemoene!”

Water + suiker + suurlemoene = ...

Zane vat die glas wat Bongi na hom uithou. “Op suurlemoene!” toast hy en vat ’n groot sluk.

“Op Suurlemoen!,” sê ek met my glas in die lug.

Ons toast laggend. Bongi se toebroodjies is heerlik. Vir ’n ruk lank is dit doodstil terwyl ons eet. Die verf ruik nogal soort van lekker.

“Het een van julle al begin

met 'n song?" vra Bongki ná 'n ruk.

Stilte.

“Niemand nie?”

“Ek het probeer,” sê Liezl,
“maar alles voel vir my
simpel.”

“Ek kon nie eens iets simpels
regkry nie,” sê Zane. “Ek kan
tunes speel, maar ek dink nie
ek kan songs skryf nie. Ek het
julle mos gewaarsku.”

Bongki kyk na my. Ek trek my
skouers op. “Niks wat wou

werk nie,” sê ek en vat ’n hap van my toebroodjie.

“Ek kon ook nie met iets vorendag kom nie,” erken Bongi teleurgesteld.

Ek maak my mond oop om iets te sê, maar stop dit met nog ’n hap toebroodjie toe voor ek iets stupid kwytraak.

“Waar begin ’n mens?” vra Zane. “Moet ons nie eers ’n tune kry nie? Ons kan mos later die woorde skryf...”

“Wat van ’n liedjie oor

lemonade?” blaker ek dit uit.

Al drie kyk verbaas na my.

Ek voel hoe my gesig warm word. “Ek ... wel, ek bedoel ... miskien kan ons begin met ’n song oor ons band se naam. Suurlemoene, lemonade, so iets ...” Ek vat ’n sluk van Bongi se lemonade om te probeer wegsteek hoe embarrassed ek is.

Bongi kyk agterdogtig vir my. “Jy het al idees vir songs,” sê sy. “Komaan, vertel!”

Ek skud my kop. “Nee, man, ek ... het sommer net gedink ...”

“Toe, man, Tiaan,” por Bongi. “Jy sien dan hoe sukkel ons!”

Ek sug, trek my rugsak nader en haal die klomp papiere en Post-It-plakkers uit. Bongi, Zane en Liezl sak daarop toe. Ek wag vir die gelag om te begin. Soos gewoonlik stel Zane my nie teleur nie. “Ek skryf vir jou ’n suurlemoen-

love song?” proes hy.

Ek sweer ek gaan hom
vermoor.

“Shut up, Zane,” sê Bongi.
“Het jý enige ander
voorstelle?”

Dis incredible hoe Bongi dit
regkry om Zane elke keer op sy
plek te sit. En sy kan “shut up”
sê sonder om ongeskik te klink.

Liezl sit regop. “My hart is ’n
suurlemoen.”

“Wat?” vra Bongi verbaas.

“My hart is ’n suurlemoen,”

herhaal Liezl en hou een van my Post-It-plakkers in die lug.

“Dis stupid, ek weet,” brom ek. Ek wag dat sy ook begin lag.

“Dis great!” sê Liezl.

“Waar’s die res?”

Ek trek my skouers op. “Dis al.”

“My hart is ’n suurlemoen,” sê Bongki, asof sy daaraan proe. “Dit klínk sommer soos ’n song!” Sy lyk opgewonde.

“Waar kom jy daaraan?” vra

Zane half verbaas.

“Ek ...” Ek besluit dis beter om hom nie te probeer antwoord nie.

Liezl glimlag. Ek dink sy besef hoe embarrassed ek voel. “My hart is ’n suurlemoen,” sê sy. “En jy is suiker ...”

My gesig brand en ek kyk verleë weg. “Ek weet nie ...”

“Kom ons maak lemonade!” roep Bongi uit.

Zane gooi sy hande dramaties

in die lug. “Wat makeer julle?”

“Dis ’n song, man!” sê Bongi opgewonde. “Hoor jy dit nie: My hart is ’n suurlemoen en jy is suiker – kom ons maak lemonade!”

Liezl glimlag vir my. Ek voel soort van ... weird. Maar op ’n nice manier.

“Watse soort beat het julle in gedagte?” vra Bongi en skuif reg agter haar tromstel. “Ek dink iets lekker up-beat ...”

Nota aan self:
Hoe op aarde het Edison
en daai Bell-on die gloei-
lamp en die telefoon
uitgevind sonder
Post-I₊-plakkers?



Maak lemonade

(Woorde en lirieke: Suurlemoen!)

Maak lemonade

nog 'n suurlemoendag

nog 'n niksdoendag

en...

ek is siek en sat gehang aan my tak

deur die blare

en ek laat los

(en ek val reguit in jou arms, baby...)

Koor:

en ons maak lemonade

jy klop, jy klop, jy klop my hart skoon uit

my hart, my hart klop lemonade

ek en jy

ja, ek en jy maak lemonade LEMONADE

jy is suurlemoentee

en jy is vitamien C

en...

al die onans sê ek wil jou hê

maar soms

wonder ek

(is jy te soet vir my, baby?)

Herhaal koor

Brug 1:

wat kan ek sê
en wat kan ek doen?

want...

my hart is 'n suurlemoen en jy is suiker
ek is 'n suurlemoen
en jy is suiker

(en dis 'n vreemde chemistry dié, baby...)

ja, jy breek deur my skil
en jy maak wat jy wil
en...

jy tease my en squeeze my
en uiteindelik
weet ek

(ons is bedoel vir mekaar, baby...)

Brug 2:

dis 'n giggelende goudgeel
skoon-uit-jou-skil-uit-
geheel en al uitgelate
sommersonsuiker-
tong-in-die-kies-
soetsuur liefde hierdie

Herhaal koor

Net voor ons held in

'n zombie verander...

“Het julle die hele dag lank musiek geoefen?” vra my ma toe ek by die huis kom.

“Ma vra dit omtrent met dieselfde stemtoom as wat ’n

mens sou vra ‘Het julle die hele dag lank dagga gerook?’”

Sy frons bekommerd. “As ek uitvind jy is met sulke goed”

“Come on, Ma!” sê ek verontwaardig. “Ons het die orkeskamer by die skool skoongemaak sodat ons daarin kan oefen.” Ek sorg dat ek net genoeg verwyd in my stem sit – dit is immers my ma en pa se skuld dat ons ons vorige oefenplek kwyt is.

Sy kyk my op en af en skud haar kop. “Jy kan bly wees dis ’n ou T-hemp daai – daai verfkol gaan nie uitkom nie.”

“Nie eens met kouewater-Omo nie?” vra ek kamma ernstig, en sit my arm om haar skouer. Ek is deesdae amper ’n kop langer as my ma.


Ek kan sien sy doen haar bes om nie te glimlag nie. “Jou kos is in die oond, ons het al klaar geëet.”

“Dankie, ek gaan eers stort.”

Terwyl ek onder die stort
staan, betrap ek myself dat ek
die deuntjie neurie waaraan
ons vanmiddag gewerk het.
Maak lemonade. Ons het
sommer vinnig daarmee
gevorder toe ons eers almal
begin idees uitruil het. Dis nog
nie heeltemal 'n song nie, maar
ek dink dit kan werk. Liezl het
klaar allerhande amazing goed
met die vocals begin doen.

Ek weet nie hoekom nie,
maar skielik voel ek

depressed. Ek het geen rede
om depressed te wees nie.
Miskien ly ek aan 'n weird
afwyking wat veroorsaak dat
jy outomaties depressief raak
as jy aan warm water,
stortseep in jou oë of die
moontlikheid van opgewarmde
kos vir aandete blootgestel
word. Of dalk is dit wat
gebeur as jy die hele middag
lank drumbeats en kitaar-
chords in jou ore en verfwalms
in jou neus gehad het.



Zane en Liezl gaan
môremiddag flik. Hy't haar
weer vanmiddag gevra terwyl
ek en Bongi besig was om ons
band se naam en 'n prentjie
voor op haar tromstel te verf:
'n goudgeel suurlemoen met 'n
smiley face op. Ek wens baie
keer ek het Zane se tipe
persoonlikheid gehad. Hy's die
soort ou wat amper enige
meisie kan kry, want hy het nie
'n skaam haar op sy kop nie en

hy het aansienlik meer
deursettingsvermoë as die
gemiddelde bulterriër. Ek dink
dis op die ou end die enigste
ding wat tel met girls –
hoeveel selfvertroue en guts jy
het.



Ek vat die bottel stortseep en
hou dit voor my mond soos 'n
mikrofoon: “My hart is ’n

suurlemoen en jy is suiker!”

Iemand klop aan die badkamerdeur en ek skrik so groot dat ek die stortseep laat val. “Is jy orraait daar binne?” vra my pa.

“Ja!” roep ek en voel daardie vreemde warm gevoel deur my stoot wat ’n mens kry onmiddellik ná jy jou naam met ’n plank gemoker het. Ek draai die stort toe, droog my af en trek vir myself gesig in die spieël. Daar is ’n ontstellende

rooi bult langs my neus – die
soort bult wat kan omsit in Die
Puisie van die Jaar as jy nie
vinnig iets daaraan doen nie.

*Miskien is dit tyd dat ek 'n
meisie kry.*

Die gedagte kom so
onverwags in my kop op dat ek
net daar voor die spieël bly
staan met die blertsie Clearasil
op my wysvinger. Dis asof
daar 'n stem in my kop is wat
sulke weird goed kwytraak.
Dalk is ek besig om mal te

raak.



*'n Mens moet eers verlief
raak voor jy 'n girl kan kry,
lig ek die stem in my kop in.
O?*

Ja.

*Hoe raak 'n mens verlief?
Jy ... raak sommer net
verlief. Dis nie iets wat jy kan*

beheer nie.

*Hoe weet 'n mens as jy
verlief is?*

Jy ... hoe moet ek weet?!

Ek skud my kop en smeer
Clearasil oor die aspirant-
puisie langs my neus. Ek's
ongetwyfeld besig om mal te
word. As ek in 'n grilfliek
was, was hierdie die toneel
waar die scary klaviermusiek
begin speel. Net voor ons held
in 'n zombie verander ...

Ek druk 'n Colgate-wurm op

my tandeborsel uit. “My hart is
'n suurlemoen en jy is suiker
...” neurie ek terwyl ek tandeborsel.

Nota aan self:

Om hootuas te neurie
terwyl jy jou tande borsel
is 'n rare talent.

Snuffelgids

In die middel van die nag skrik
ek wakker uit 'n nagmerrie.

Terwyl ek water drink in die
badkamer, onthou ek wat ek
gedroom het: Dis oggend, ons
almal sit om die ontbyttafel en
ek maak my pa se koerant oop

...

PERSOONLIK



e
s-
e
s

Sestien en desperaat
op soek na ware liefde.
Hou van musiek, flik,
diere en lekker gesel-
skap. Meisies tussen
15 en 25 wat ongeveer
soos Katy Perry lyk,
skake! asse!



Interes
opsoe
santel
wag,
gekr
ou

Chrome Bunny

Ek is Sondagaand net klaar met my huiswerk toe Zane kom kuier.

“Wel, hoe was dit?”

Zane hou hom dom. “Hoe was wat?”

“Die eerste keer toe jy uitvind jou IK is laer as jou hond s’n. Jou date met Liezl,

natuurlik, man.”

Hy trek sy skouers op. “Ag, dit was heel oukei. Sy’t ’n regte chick-fliek gekies.”

“O.” Ek weet as ek so min as moontlik sê, sal Zane self verder uitwei.

“Ons het nie hande vasgehou of gesoen of iets nie.”

“Zane, dis oukei, regtig. Jy kan my die detail spaar. As sy jou nie met die springmielies gegooi het of so iets drasties nie, wil ek nie weet nie.” Ek

weet dis ek wat gevra het,
maar skielik voel ek dis beter
as ek so min as moontlik van
Zane en Liezl se date weet.

“Ek het eintlik gekom om jou
iets te vertel,” kondig Zane
aan.

“O?”

“Ek het iets uitgevind oor
meneer Marx. Hy was in ’n
band. En dit was nie sommer
so ’n band nie – hulle was
famous. My ma het ’n ou plaat
wat hulle gemaak het.”

Ek sit regop. “Genuine? Hoe op aarde het jy dit uitgevind?”

“Ek en my ma was in die winkels en toe loop ons hom raak. My ma was destyds ’n groot fan van die band. Ek kan nie glo sy’t my nog nooit vertel nie.”

“Wat was hulle naam?”

Zane glimlag en haal iets uit die plastieksak wat hy nog die heeldyd vashou. Dis ’n ou plaatomslag, nie die heel grotes nie. Ek vat dit by hom.

Ek proes toe ek die ouens met die lang hare voor op die foto sien. “Is dit hulle? Chrome Bunny? Watse weird naam is dit vir ’n band?”

“Daar’s net twee songs op, maar jy moet dit hoor. Dis glad nie sleg nie – vir sulke outydse musiek, in elk geval.”

Ek draai die omslag om en lees agterop. “Electric guitar: Alistair Marx. Kan jy dit glo?”

“Alistair,” proes Zane. “Is dit ’n weird naam of wat?”

“Hulle twee songs se name was *Queen Shirley* en *Breakfast at the Blue Moon*. Hoekom het niemand nog ooit uitgevind meneer Marx is famous nie?”

Zane frons. “Ek het my ma gevra. Sy sê hulle het net hierdie een plaat uitgebring. Die goed is Seven Singles genoem. Daarna het hulle gesplit.”

“Hoekom?”

Hy trek sy skouers op. “Nie

'n clue nie. My ma sê die koerante het destyds daaroor geskryf, maar niemand het regtig geweet wat van Chrome Bunny geword het nie.”

Nota aan self:

Hoekom word rock-sterre
onderwysers?

Fast Forward

Ek het eenkeer hierdie boek uitgeleem oor hoe om 'n band te begin – dit was een van die baie kere wat ek vasbeslote was dat ek en Zane 'n slag 'n regte band moet begin. Die eerste hoofstuk se naam was *Beware: Being in a rock band can be dead boring*. Ek het nie

verder as die eerste hoofstuk
gelees nie – dit was obvious
die mense weet nie waarvan
hulle skryf nie. Ná 'n week
saam met Suurlemoen!

verstaan ek wat die skrywers
van daai boek bedoel het. As
jy die afgelope week kon fast
forward, sou dit min of meer
só lyk:

MAANDAG

Laat 10 minute laet vir die oefening. Bongji
vies. Liezl het Sondaggaand die vocals vir
Maak Lemonade geoefen. Dit klink **groot**.

DINSDAG

Geen oefening — Bongji gee almal opdrag
om by die huis te oefen, en met idees
vir nog songs vorendag te kom.

Geen idees.

WOENSDAG

Liezl hou nie meer van Maak Lemonade se
wysie nie. Wil hê ons moet die hele
song oorskryf. Probeer nuwe wysie
uitdink. Liezl vra of ons môre ook
kan oefen. Almal verbaas.

DONDERDAG

Bongi w^{re} minute laat vir oefening as gevolg
van musiekles wat langer aangehou het.
Zane vermakelig. Bongi vies. Liezl hou
weer van oorspronklike wysie van Maak
lemonade. Word van my kop af.

VRYPAG

Kan Maak lemonade al in my slaap speel.

SATERDAG

Het nuwe idee vir song.

Titel: Van my kop af.

Koor:

jy skiet my prop af
my inhibisies t^{re}ip af
al my maskers dop af
ek raak van my kop af

Ek en Liezl stel voor ons hou môre 'n dinkskrum om
aan die nuwe song te werk. Zane kan nie - gaan
kuier by sy oma-hulle. Bongi moet in die kerk se
orkes speel. "Dan doen ons twee dit," sê Liezl.

Nota aan self : Moes
vir Zane verduidelik
wat "inhibisies" beteken.

Het vir hom verduidelik
dis iets waarvan ek hopeloos
te veel en hy hopeloos
te min het.

Die taal van tuinkabouters

Ek voel half simpel om op 'n Sondagmiddag by Liezl se huis aan te kom. Ek dink nie haar ma en pa weet ons is van plan om aan 'n song vir die band te werk nie – ek hoor hoe sy vir haar ma iets mompel van “huiswerk”. Om een of ander rede is dit nogal vreemd om te

sien hoe sy vir haar ma-hulle
jok.

Ons stap deur die huis en
gaan sit agter in die tuin langs
die swembad. Hulle tuin is
vrek nice – soos een van daai
ontwerperstuine wat 'n mens
in die tydskrifte sien.

Heeltemal anders as die
amperse oerwoud om ons huis,
wat my pa vergeefs oor
naweke 'n bietjie probeer tem.
Ek grawe my notaboek en 'n
pen uit my rugsak.

Liezl glimlag. “Dis weird, jy’s die enigste ou wat ek ken wat altyd ’n rugsak saamdra.”



Ek voel hoe my gesig onverklaarbaar warm word. “Dis vir my kamera. As ’n mens nice foto’s wil kry, moet

jy sorg dat jy altyd jou kamera byderhand het.”

“Van wanneer af neem jy foto’s?”

“Al so twee jaar. Ek het eers ’n ou tweedehandse Canon gehad. Ek het die nuwe digitale een vir my verjaardag gekry.”

“Watse soort goed neem jy af?”

“Enigiets wat ... mooi is of wat ... jy weet ...” Ek trek my skouers op.

“Nee, wat?” Ek kan nie agterkom of sy besig is om my te terg nie.

“Wel, goed wat ... iets beteken. Party foto's is sommer net prentjies, maar ander beteken iets ...”

Wyse woorde van die filosoof Tiaan Fourie.

Liezl se ma bring koeldrank. Ek spring op om die skinkbord by haar te vat. Die tannie loer skuinsweg na my notaboek en pen, asof sy half vermoed ons

is nie besig met huiswerk nie.

“Ek dink dis dieselfde met liedjies,” sê Liezl toe ons elkeen met ’n glas koeldrank sit. “Party liedjies is sommer net liedjies, maar ander beteken iets ...”

Ek weet nie wat om te sê nie, daarom vat ek maar ’n groot sluk koeldrank. Liezl het hierdie manier om haar kop skuins te hou as sy ingedagte is, sodat haar hare oor die een kant van haar gesig hang. Dit

lyk of haar hare 'n gordyn voor
haar gesig maak – 'n gordyn
tussen haar en die res van die
wêreld, wat sy toetrek sodat sy
in vrede kan dink. Dis
ongelooflik hoe sy kan
verander as sy sing. Ek sou dit
nooit kon raai nie – en ek dink
ook nie die res van ons klas
het 'n idee hoe Liezl lyk as sy
so half grom-sing “ek en jy
maak lemonade” nie. Haar
Smells like teen spirit in die
musiekklas was nog relatief

mak.

“Hei, aarde na Tiaan!”

Ek wip soos ek skrik en probeer verbouereerd die bietjie koeldrank wat ek op die tuintafel gestort het met my hand opvee. “Hoesê?” mompel ek verleë.

Sy lag. “Ek sê ek hou regtig van jou songs.”

Ek probeer my bes om nie te wys dat ek amper aan die koeldrank verstik het nie. “Jy bedoel my een en ’n halwe

song ... Almal van ons het help skryf daaraan.”

“Ek dink dis oukei as ’n mens ná twee weke in ’n band al een en ’n halwe song het. En die songs was jou idee, die res van ons het net help skaaf daaraan. Ek het nie eintlik hoop gehad vir die band-ding nie, maar dis regtig exciting. Het jy ander idees waaraan ons kan werk?”

Ag nee. Dit voel weer soos nou die dag toe ek my idees vir

almal moes wys. “Nie regtig
nie ...” Dis die reine waarheid.
Ek sit skielik hier sonder ’n
enkele idee in my kop. Dit was
obviously ’n dom idee om te
dink ons kan op ’n
Sondagmiddag langs die
swembad sit en songs uitdink.

Liezl kyk skewekop vir my en
glimlag. “Jy’s weird.”

“Sjeesh, dankie ...”

Sy trek haar een been regop
sodat haar voet op die stoel
rus. “Wat sou jy die graagste

van alles wou afneem?” vra sy peinsend.

“Wat bedoel jy?”

“As jy ’n foto van enigiets kon neem, wat sou dit wees?”

“Katy Perry?” terg ek.

Sy rol net haar oë. “Ek dink om liedjies te skryf is baie soos om foto’s te neem. Uit alles om jou kies jy een ding om op te fokus, en dan neem jy ’n foto daarvan. Of skryf ’n liedjie daaroor.”

“Wyse woorde van die

filosoof Liezl Kritzinger.”

Hierdie keer sê ek dit actually hardop.

Sy ignoreer my opmerking.

“Kyk rond hier in die tuin,”

beduie sy, “as jy een ding moet kies om af te neem, wat sal dit wees?”

Vir jou, sê ek amper. Girl met gordyn voor die gesig.

“Hmmm ... daai tuinkabouter,” beduie ek. Dis een van daardie sementkabouters wat staan en visvang, rooi punthoed en spits

baardjie en al. Sy verf is al effens afgedop.

“Hoekom?”

“Wel ... ek weet nie ... ek dink net ... op 'n manier lyk daai tuinkabouter nie of hy regtig in julle tuin hoort nie. Maar dit lyk ook nie of hy lus het om te move nie. Hy gaan bly staan waar hy is.”

Sy glimlag. “Jy’s reg, weet jy. Die tuinkabouter was hier toe ons die huis gekoop het. Hoe’t jy geraai?”

Ek trek my skouers op. “Ag, sommer iets waarmee ek gebore is, die gawe om die taal van tuinkabouters te verstaan.”

“My ma wou dadelik daarvan ontslae raak, maar ek het gepleit dat die kabouter moet bly. Hy was eerste hier. Dit het amper ’n fight veroorsaak.”

“Die Stryd van die Tuinkabouter,” spot ek.

Sy sit en speel met ’n blaar wat op die tafel lê. “Jy sal

verbaas wees oor watse goed
'n mens partykeer met my ma-
hulle kan stry,” sê sy sonder
om op te kyk.

Ek is nie seker of ek iets
verkeerd gesê het nie. “Sjuut!”
sê ek skielik en maak of ek na
iets luister. Ek beduie met my
vinger voor my mond toe Liezl
vraend vir my kyk.

“Wat?”

“Julle tuinkabouter het met
my gepraat ... Hy sê dis hoog
tyd dat iemand hom 'n slag

verf.”

Sy lag. “Het ek al gesê ek dink jy’s weird? Gaan ons ’n song oor ’n tuinkabouter skryf?”

Ek het vergeet dis hoekom ons hier is.

Nota aan Self:



Die vreemdste onderwerp
waaroor Tiaan Fourie al
met ’n girl gechat het?

Tuinkabouters.



Girls only

“Daai viool is die beste idee wat enige iemand hierdie hele week gehad het,” sê Bongsi.
“Dit klink great.”



“Thanks,” sê Liezl en sit haar strykstok neer.

Ons sukkel al die hele week lank met die nuwe song, *Van my kop af*. Almal was al besig om so ’n bietjie benoud te raak, tot Liezl by die huis met haar viool geoefen en die perfekte bridge gekry het. Dis tegelyk snaaks en so half ... haunting, asof die ou dalk régtig van sy kop af raak.

Die kompetisie is oor minder as vyf weke. Dis moeilik om te

glo, maar ons is al amper drie weke bymekaar. En ons het al twee songs wat nie te sleg klink nie.

“Orraait, ek dink dis genoeg vir vandag,” sê Bongi en vryf oor haar voorarms.

Ek en Zane bêre ons kitare in die kas. Tot dusver werk die klaskamer perfek as ’n oefenplek. Ons het die vensters toegeplak om nuuskierige toeskouers weg te hou en niemand het ons sover gepla

nie.

“Stap jy saam met my, Liezl?” vra Zane.

Daar is ’n effens ongemaklike stilte. Ek is amper seker Zane kyk vreemd vir my. Hy was Maandag half weird. Hy wou weet presies wat ek en Liezl alles die vorige dag gedoen het.

“Sorry, maar ek en Liezl gaan koffie drink,” sê Bongzi met ’n glimlag. “En dis girls only.”

Zane trek sy skouers op.

“Oukei. Ek vra maar net.” Hy
wink vir my. “Kom jy?”

So, skielik is ek ook genooi.

Eerste gig

“Hei, Tiaan, hoe gaan dit met die band?” wil Frik weet toe hy my Vrydagmiddag tweede pouse by die snoepie raak loop. “Is julle al besig om famous te raak? Ek hoor julle oefen deesdae omtrent dag en nag in daai kamertjie langs

Marx se musiekklas. Sing 'n bietjie dat ek hoor of jy klink soos een van Westlife se ouens.”

Frik se vriende bulder van die lag. Ouens soos Frik het altyd mense byderhand wat kan lag as hy probeer snaaks wees – dis soos daai fake geblikte lag op die TV-sitkoms.



“Ék doen die singwerk.”

Ek weet nie wie van ek of
Frik meer verbaas lyk om vir
Liezl en Bongie te sien nie.

“Haai, Frikkie,” sê Bongie met

'n soort waaibeweginkie en 'n ondeunde glimlag. Ek dink nie eens Frik se eie ma waag dit om hom “Frikkie” te noem nie.

“Ek en ... e ... Tiaan was net besig om te chat oor julle band,” brom Frik.

“Jammer om julle te onderbreek,” sê Bongi. “Ek wil net gou vir Tiaan sê meneer Marx wil ons graag ná skool in die musiekklas sien.”

“Uhm ... oukei,” mompel ek deur die wind.

“So, hoe gaan dit met die tjellolesse, Frikkie?” vra Bongibong.

Een van Frik se pelle proes en kry dadelik ’n moorddadige kyk van Frik om hom te laat verstaan dat hy hierdie keer op die heel verkeerde plek gelag het.

“Orraait, dankie,” brom Frik.

Ek sien hoe hy ongemerk sy pelle nader wink en hom uit die voete maak.

“Sien jou netnou,” sê Bongibong

dik van die lag.

Arme Frik. Op 'n manier kan ek nie help om hom effens jammer te kry nie.



“Ek het 'n faks gekry, gerig aan die groep Suurlemoen!,” sê meneer Marx. Hy glimlag vir ons. “Nie 'n slegte naam nie ...” Hy vou die papiere in sy

hand oop. “Laat ek sien ... *Dit is vir ons aangenaam om te bevestig dat Suurlemoen! ingeskryf is vir vanjaar se Rumoer-kompetisie. Die eerste uitdunronde vind op 4 September by die Hoërskool Dr. Viljoen se skoolsaal plaas. Sewe groepe het hulle ingeskryf vir hierdie ronde – die eerste van vier landwye uitdunne. Die wenner van die uitdunrondes dring deur na die nasionale eindronde wat*

*plaasvind in die
Septembervakansie. Almal
moet stiptelik om 18:00 by die
skoolsaal wees. Die
geleentheid begin om 19:00.
Onthou: Elke groep moet drie
oorspronklike Afrikaanse
liedjies speel. Skole is welkom
om soveel ondersteuners as
wat hulle wil saam te bring.
En dan is hier 'n hele hoop
reëls wat julle maar self kan
deurlees.” Hy kyk op en
glimlag. “So, is julle reg vir*

die ding? Ek sien julle oefen hard ...”

“Ek dink ons is reg, Meneer,” sê Bongi. “Ons het darem al twee songs wat heel lekker werk.”

“Ek is beïndruk met wat julle met die orkeskamer aangevang het. Werk dit orraait vir ’n oefenplek?”

Bongi kyk na die res van ons met ’n gesigsuitdrukking wat vra of sy nou as amptelike woordvoerder aangestel is.

“Perfek, Meneer,” sê sy. “Ten minste het ons nog nie weer enige poedel ’n senuwee-ineenstorting gegee nie.”

Meneer Marx lag. “Het julle al ondersteuners wat julle kan saamvat na die kompetisie toe?”

Stilte.

Dit lyk of Bongi vrede gemaak het met die feit dat sy namens Suurlemoen! moet praat: “E ... nie eintlik nie, Meneer. Ons het nog nie voor

enigiemand gespeel nie.”

Meneer Marx knik. “Dis eintlik goed. ’n Mens moet darem eers ’n ruk alleen speel voor jy ’n verhoog aandurf. Dis belangrik dat julle eers sélf daarvan hou voor julle uitvind of ander mense daarvan hou. Maar ek dink tog julle moet ten minste één keer voor ’n gehoor speel voor die kompetisie. Wat van Maandag oor ’n week?”

“Meneer?” vra Zane.

“Ek sal met meneer Van Schalkwyk praat. Die dramagroep het volgende Maandag hul eerste optrede voor die nasionale toneelkompetisie begin. Ek dink dis die perfekte geleentheid vir Suurlemoen! om sy debuut te maak. Net voor *Romeo and Juliet*. Suurlemoen! en Shakespeare ... Wat sê julle? Dit gee julle darem nog ’n week of wat om te oefen.”

“Ons eerste gig ...” sê Bongi.

Meneer Marx glimlag. “Wel, jy kan seker so sê. Dis darem nie so erg soos om jou heel eerste optrede by ’n troue met honderde ou tannies of ’n nagklub met honderde clubbers te speel nie.”

“Wat was Chrome Bunny se eerste gig, Meneer?”



Ek kyk verbaas na Zane. Hy vra dit op so 'n manier dat dit amper na 'n uitdaging klink. So half asof hy net gewag het vir die regte oomblik om te wys ons het uitgevind van Chrome

Bunny. *Ha! Ons weet tog alles van Meneer se band – die musiekonnie wat ’n rockster was! So, spill the beans en miskien belowe ons om niemand anders te vertel nie ...*

Dit lyk vir ’n oomblik of ’n wolk oor meneer Marx se gesig trek. Hy kyk af en rangskik die fakspapiere. “Dit was baie, baie jare gelede,” sê hy sonder om op te kyk. Hy hou die faks na Bongi uit.

“Laat weet my Maandag of
julle kans sien om by die
konsert te speel.”

Nota aan self :

Partykeer kan Zane
sō 'n idioot wees!

Elektrisiteit

Niksdoen is 'n kuns. Daar is min mense wat goed is daarmee om niks te doen nie. My pa kan net 'n rukkie stilsit voor hy kriewelrig begin raak, en vir my ma is selfs 'n kort rukkie 'n uitdaging. Ek lê op my bed, my hande agter my

kop, en kyk na die plafon. Ek wonder of 'n mens dit kan regkry om aan heeltemal niks te dink nie. Die probleem is, as jy aan niks probeer dink nie, dink jy júis aan iets. Niks is op 'n manier ook iets.

Voor ek my kop verder oor hierdie ingewikkelde filosofiese probleem kan breek, lui my selfoon.

“Haai, Tiaan.”

“Liezl,” sê ek en probeer om nie verbaas te klink nie.

“Wat doen jy?”

“E ... ek probeer al die afgelope uur my bes om niks te doen nie.”

Sy lag. “”Skuus om te pla. Ek het vanmiddag gedink en ... ek dink ek het ’n cool idee vir ’n plakkaat. Jy weet, vir ons optrede by die toneelding.”

Ek sit regop. “Ja?”

“Wel ... as jy nie besig is nie, maak ons gou ’n draai daar ...”

“Sure,” sê ek, effens verward. “Natuurlik.”

“Oukei, sien jou netnou.”

Het ek reg gehoor? Het sy
“ons” gesê?

“Ons” is toe Liezl en Zane.

Hulle daag op omtrent twintig
minute ná Liezl gebel het.

“As hierdie girl eers ’n ding
in haar kop gekry het, kry niks
dit weer daar uit nie,” sê Zane.

Liezl steek vir hom tong uit.

“Ek dink ek het regtig ’n nice
idee. Volgende Maandag gaan
ons eerste gig wees, so ons kan

netsowel groot gaan. Ons ontwerp plakkaat en sit dit by die skool op.”

“Uhm ... great,” sê ek, al is ek glad nie so seker dis regtig ’n goeie idee nie. Jy hoef nie ’n wiskundeboffin te wees om dit uit te werk nie: Hoe minder mense daar by jou eerste gig is, hoe minder mense kan sien as jy jou naam krater maak.

“Het jy ’n suurlemoen?”

“Wat?”

“’n Suurlemoen, man,” sê sy.

“Een wat jy kan afneem.”

“Ek dink so ... Daar was laas in die groentemandjie. Sit solank,” onthou ek my maniere.

“Wil julle koeldrank hê?”

Ek gaan kombuis toe, gooi drie glase Coke in en kry ’n suurlemoen uit die mandjie. Nou waar op aarde bêre my ma die skinkborde? Ek grawe rond in die kaste.

“Wat soek jy?”

“’n Skinkbord,” sê ek vir Zane, met my kop in een van

die kombuiskaste.

“Vir wat? Jy’t nog nooit ’n skinkbord gebruik as ék kom kuier nie.”

Ek haal my kop uit die kas.
“’n Mens gebruik dit net as jy beskááfde gaste kry,” sê ek en hou die skinkbord triomfantelik omhoog.

Gewoonlik sal Zane dadelik reg wees met ’n skerp antwoord, maar om een of ander rede vat hy net die koeldrank. “Kom jy?” vra hy

en stap sitkamer toe.

Ek bly onseker staan met die suurlemoen in my hand. Wat gaan nou met hom aan? Wel, vir 'n verandering gaan ek nie die een wees wat gatkruip nie. As iets hom pla, moet hy dit reguit sê – anders moet hy maar vanself weer regkom.

“Onthou julle daai bios wat ons gedoen het vir ons inskrywing?” vra Liezl toe ons elkeen met 'n glas koeldrank sit.

Ek knik.

“Jy’t geskryf ’n mens kan elektrisiteit opwek met ’n suurlemoen.”

“Ja?” Ek kyk onbegrypend na haar.

Sy haal ’n stuk papier en ’n potlood uit haar sak en begin iets teken. Ek en Zane sit en hou haar dop. Sy hou die papier op sodat ons kan sien.


“Ek’s nou nie Picasso nie, maar dink jy ons sal so iets op jou rekenaar kan maak?”

Ek vat die tekening by haar en kyk 'n oomblik lank daarna. “Dit gaan moeilik wees om die foto so te kry, maar ons kan probeer. Daar's niks wat Photoshop nie kan doen nie. En dis 'n great idee ...” Ek sit die suurlemoen op die sitkamertafel neer. “Ek gaan kry gou my kamera.”

“Oukei, ek gaan vir Bongibei,” sê Liezl. “Ek wil nie hê sy moet dit misloop wanneer ons ons eerste plakkaat maak

nie.”

Sy sien nie hoe Zane sy oë
rol nie.



Suurlemonen!

Ingeprop

“EK ... EK ... EK WORD VAN MY KOP AF!”

Ek en Zane maak klaar met ons klipharde kitaar-riff en Bongi jaag ons met die tromme – presies op die regte tyd eindig alles in absolute stilte. Liezl gooi haar hare vorentoe.

“Flippit!” sê Bongi met ’n verbaasde laggie.

“Flippit ...” eggo ’n geamuseerde stem.

Ek wip van die skrik en swaai om.

Meneer Marx glimlag en klap hande. “”Skuus ek het julle so half bekruip, maar dit help nie om te probeer klop as julle eers losgetrek het nie. Glad nie sleg nie, hoor.”

Liezl kug verleë en vat ’n sluk water.

Meneer Marx haal iets te
voorskyn en rol dit oop.
“Meneer Van Schalkwyk wil
weet wat dít is ...”

Dames en here, ons bied aan ...

SUURLEMOEN!

in sy eerste optrede ooit.

Kom kyk

Suurlemoen!

en Shakespeare

saam met die dramaklub

Maandag, 19:00 in die skoolsaal



Musick wat jou KLEWEE
laat saamtrek!

“Meneer?” vra Bongi.

“Julle is veronderstel om eers toestemming te kry voor julle links en regs plakkate teen die mure opsit.”

Daar is ’n verbaasde stilte.

“Ons het nie geweet nie, Meneer,” sê Bongi.

Meneer Marx bekyk die plakkaat. “Dit lyk baie nice,” sê hy. “Moenie bekommerd wees nie, ek het vir meneer Van Schalkwyk gesê ek het toestemming gegee.”

“Wow, dankie, Meneer,” sê Bongi.

“Dit klink of julle lekker vorder. Het julle julleself al opgeneem?”

“Hoe bedoel Meneer?” vra Bongi.

Meneer Marx gaan sit op een van die speakers. “Dis belangrik dat ’n mens een of ander tyd jouself sommer op ’n kasset of iets opneem om te hoor hoe dit klink. As jy besig is om te speel hoor jy nie al

die instrumente ewe goed nie
en jy kan nie so 'n goeie idee
kry van hoe die liedjies regtig
klink nie. As julle wil ... ek het
'n kassetopnemer hier langsaa
...”



Op tape

Die laaste tromslae sterf weg.
“Tiaan, jy kan maar ophou
record. Was dit oukei?” kom
Bongi se opgeneemde stem
huiwerig oor die speaker. Ek
druk *Stop* op die tape-speler
en glimlag. “Wat dink julle?”
“Ek het gewéét ek het die

beat op 'n plek opgemors,”
brom Bongi.

“Jy was fine,” troos Liezl.
“Nie naastenby so erg soos ek
wat op die tweede
koorgedeelte my woorde
ingesluk het nie.”

“Hei, komaan,” sê Zane. “Ek
dink dit klink nice. Kom ons
luister nog 'n keer.”

Ek rewind die tape.

Liezl skop haar bene voor
haar uit en sug. “Ek’s nogal
nervous oor Maandag.”

Bongi glimlag. “Dit gaan lekker wees, man. Jy sal sien.”

“Sê nou ek kry stage fright of iets?”

“Daar gaan tien teen een net ’n paar mense wees. Magdel Meyer, die dramaklub se voorsitter, het vir my gesê daar kom nie vreeslik baie skoolkinders na hulle vertonings toe nie. Dis meestal ma’s en pa’s en ’n paar koshuiskinders wat studietyd wil misloop. Jy sal g’n stage

fright kry nie.”

“Dis maklik vir jou om te sê,” sê Liezl. “Jy speel elke Sondag saam met die kerk se orkes.”

“Maar jy speel mos in die skool se orkes ook?”

“Ja, maar ek hoef nie te sing nie. Dis anders ...”

“Wel, jy doen dit flippen goed,” val ek hulle in die rede.

“Hoor net hier ...” Ek druk *Play* en *Maak lemonade* begin van voor af speel. Ons sit

weer in stilte en luister.

“Miskien kan ons iets meer exciting met die kitare doen aan die einde,” stel ek voor toe die song weer ophou.

“Ek moet gaan leer vir môre se fisiesewetenskappe-toets,” keer Liezl.

Bongi kreun. “Moet jy my herinner?”

Ons begin ons goed oppak. Zane sit sy kitaar in sy drasak. “Ek wil dit saamvat en ’n bietjie by die huis gaan oefen.”

Dis sowaar die eerste keer wat Zane so opgewonde is oor iets dat hy lus het om op sy eie te gaan oefen.

Ek sluit die deur toe ons buite is en hou die sleutel na hom toe uit. “Vat hier, dan kan jy môre voor skool weer jou kitaar kom bêre.”

“Oukei, sien julle môre,” sê Liezl. Sy het haar fiets saamgebring, so Zane kan nie weer ’n verskoning uitdink om saam te loop nie.

“May the Force be with you,”
groet Bongi.

May the Force be with you



Psycho Bob en Willem

“Goeiemôre, skoolgaande aardlinge, julle luister weer na Psycho Bob ...”

“... en Willem. Dis ’n heerlike sonskyndag, die temperatuur is ... uhm ... 19 grade Celsius en geen reën word voorspel nie – ideale toestande vir wiskunde, wintersport en ander sosiaal

aanvaarbare vorme van
breinspoeling ...”

Bongi kom sit met ’n sug
langs my en Zane. “As ek daai
fisiesewetenskappe-toets deur
is, vreet ek my drumkit op.”

“Ek hoop vir jou part nie dis
nodig nie – die simbale kan
dalk moeilik afgaan.”

Sy skud haar kop mismoedig
en glimlag darem skeefweg vir
my grappie. “Daai twee ouens
is genuine mal,” sê sy en
beduie na die radiostasie se

naaste luidspreker.

Ek grinnik. “Maar om een of ander rede kan ’n mens nie help om na hulle te luister nie. Ek wonder altyd hoe hulle dit regkry om mekaar se sinne so klaar te maak.”

“Jy’s ingeskakel op ...”

“... pouse, die sinvolste tyd van jou skoolloopbaan. Vandag het ons vir julle ’n ongelooflike ...”

“... surprise. As jy gedink het hoërskool het nie meer een

enkele verrassing om na jou kant te gooi nie – wag net tot tweede pouse ...”

“... vir Psycho Bob en Willem se Eksklusiewe Onthulling.”

“Maar nou’s dit eers tyd vir die topdrie ...”

“... moontlik gemaak met die finansiële ondersteuning van Bill Gates en Microsoft!”

“Grappie! Oukei, julle het weer julle demokratiese reg uitgeoefen en julle

stembriefies in ons versoek-
posbus langs die mediasentrum
gegooi. Die drie liedjies
waarvoor julle gister gestem
het, is ...”

“Ta-da-da-da!”

“In die derde plek is ... vir
die vierde agtereenvolgende
keer ... Jack Parow. Soos julle
weet, is ons verbied om Jack
Parow op hierdie stasie te
speel. Soos julle ook al weet,
vervang ons verbode liedjies
met gewilde, heilsame

Afrikaanse treffers van toeka.”

“In die derde posisie op
vandag se topdrie het ons dus
vir Bles Bridges wat met ... e
... *Ruiter van die windjie*
instaan vir Jack Parow.”

’n Paar mense kreun hardop
toe die liedjie begin.

“Daai twee ouens is weird,
hm?”

Ek kyk verbaas op. Is my oë
besig om my te bedrieg? Frik
en twee van sy pelle.

“Frikkie?” sê Bongi verbaas.

“Wat ’n verrassing.”

“Kan jy glo mense lúister na hierdie kamstige radiostasie?”
sê-vra Frik grinnikend.

“Ek dink hulle is nogal oulik,” sê Bongsi. Dit klink glad nie of sy dink dis vreemd dat Frik uit die bloute met ons kom gesels nie.

“Wat dink julle is die verrassing?” vra Frik.

“As ons weet, is dit mos nie ’n verrassing nie.” Bongsi kry dit wraggies reg om nie

sarkasties te klink nie. “Ons sal maar moet wag tot tweede pouse ...”

Frik glimlag. “Ek haat dit om te wag. Ek hoop dis darem ’n goeie verrassing.”

Hy en sy twee vriende stap weg.

Liezl kom na ons toe aangestap. “Hallusineer ek of het Frik van Tonder nou net met julle gesels?”

“Selfs agterspelers het partykeer ’n bietjie intelligente

geselskap nodig,” sê Bongi smalend. Zane en Liezl lag, maar om een of ander rede kan ek nie help om te voel daar is iets vreemd aan die gang nie.

Nommer twee en nommer een op Psycho Bob en Willem se show speel net voor die klok lui. “Liewe ondergeskiktes en ongeskiktes, onthou om tweede pouse weer by ons in te skakel ...” sê Psycho Bob.

“Oor en uit,” sê Willem.

Die volgende drie periodes verloop – soos die meeste skooldae – sonder dat enigiets opwindends gebeur. Ek dink nie weer aan Psycho Bob en Willem se “verrassing” nie, tot ek en Zane tweede pouse van die snoepie af gestap kom.

“Sedert eerste pouse het julle jul naels stomp gekou,” sê Willem met ’n oordrewe fluisterstem. “Die spanning was byna ondraaglik, die sekondes het soos ure

verbygesleep, julle wou mal word van nuuskierigheid ...”

“Wel, hier is dit uiteindelik ...”

“Psycho Bob en Willem bied aan: Die Grootste Verrassing in die Kleinste Pouse ...”

“Liewe luisteraars, julle het die plakgate gesien ...”

“Julle het die gerugte gehoor ...”

“Julle was net so nuuskierig soos ons ...”

“Maar vandag kan Psycho

Bob en Willem onthul: Die eerste single van Hoërskool Sentraal se eie rockgroep ... Suurlemoen!”

Ek laat val amper my blikkie Coke op die grond. “Wat!?”

Zane lyk net so verbaas.

“Die twee ouens en die twee girls van Suurlemoen! – die band met die uitroepteken aan die einde – het vir ons hierdie demo tape gestuur. Ons het daarna geluister en ons hou nogal daarvan. Die

klankgehalte is nie so great
nie, maar ons hoop julle geniet
dit. Die song se naam is *Maak
lemonade.*”

Ek staan op die plek gevries.
Bongi se tromme begin
krakerig speel en dan val ek en
Zane in met die kitare.
Rondom ons het die hele skool
omtrent tot stilstand gekom om
na die song te luister.

“Was dit julle twee?”

Ek swaai verbaas om en kyk
reg in Bongi se omgekrapte

gesig vas. Sy en Liezl het uit die bloute verskyn.

“Het julle die tape gestuur sonder om ons te sê?”

“Hokaai!” keer Zane. “Dit was nie ons nie!”

Die ratte in my kop klik in plek. “Frik van Tonder,” sê ek. “Dit was hy. Ek het gewéét daar’s iets aan die gang toe hy eerste pouse skielik met ons kom gesels het.”

“Hoe kon hy die tape in die hande kry?” vra Liezl. “Dit

was tog in die orkeskamer toegesluit.”

“Ja, ek het self gister die klas gesluit. Zane het net vanoggend sy kitaar gaan ...” My woorde droog skielik op. Ek sug en kyk vir Zane. “Zane, het jy onthou om die klas te sluit ná jy vanoggend jou kitaar gebêre het?”

Hy lyk verbaas. “Sure. Ek bedoel, ek dink so ...”

NOTA AAN SELF:

SLEUTELS = VERANTWOORDELIKHEID

ZANE = AGTERLOSIGHEID

ZANE + SLEUTELS
= MOEILIKHEID

Skadebeheer

“Wel, hulle het darem ons instrumente uitgelos ...” sê Bongi verlig.

“Hulle sou dit nie wáág nie!” grom Liezl.

Dis die eerste keer dat ek haar regtig kwaad sien. Sy kry twee sulke vlamrooi kolle op

haar wange en haar blou oë
word yskoud. Ek het nie
geweet 'n meisie kan actually
cute lyk as sy kwaad is nie.
“As ek daai vent in die hande
kry ...”

Bongi kry so 'n veraf,
ingedagte kyk in haar oë. “Ons
gaan niks doen nie.”

“Wat?!” vra Liezl
verontwaardig. “Jy bedoel ons
gaan hom sommer net laat
wegkom hiermee? Het jy
gesien hoe lag hy en daai twee

... pelle van hom netnou openlik vir ons? Ons ...”

“Ons gaan hom terugkry wanneer hy dit die minste verwag,” sê Bongi met ’n ondeunde glimlag. “Tot dan maak ons of niks gebeur het nie. Buitendien, dis nie so erg nie. So what? Die radiostasie het ons song gespeel. Big deal. Maandagaand gaan ’n hele klomp mense dit in elk geval hoor. Maar intussen ...” Sy draai na my en Zane toe.

“Intussen soek ek asseblief die musiekkamer se sleutel – ek dink dis veiliger by my ...”

Die klok kondig die einde van tweede pouse aan.

Bongi sluit die klas en ons drafstap rye toe. “Oukei, sien julle vanmiddag by die oefening,” sê Bongi.

“Hei, Suurlemoen!,” roep een van die matrieks toe ek en Zane in ons ry inval. “Waar kom julle aan daai naam?” Ek probeer my bes om Frik en sy

vriende se gelag te ignoreer.

“Haai, stil daar!” waarsku een van die VRL-lede.

“Anders maak ek lemonade van jou ...” voeg hy sagter by.

’n Gedempte geproes.

“Komaan, Myburg, moenie so suurgat wees nie ...” roep een of ander dapper grapjas.

Algemene gelag.

Nota aan self: Partykeer,
net partykeer, dink ek
ek is te volwasse vir
hoërskoolhumor.

L.  L.
"laugh" "out" "loud"

Toilettreffer

Alle skooltoilette ruik dieselfde. Ek was al in baie skole se badkamers, en hulle het almal presies dieselfde skerp, metaalagtige reuk wat jou laat vermoed iets pong eintlik baie erg iewers onder daardie reuk. Dis amper soos

in 'n hospitaal. Hospitale ruik
altyd té skoon – so skoon dat
dit amper 'n uitdaging word
om siek mense en vuil
bedpanne te probeer uitsnuffel.
Nie dat seunsbadkamers skóón
ruik nie – dit ruik net-net skoon
genoeg dat jy dit nie stink kan
noem nie. Miskien is daar
iewers 'n maatskappy wat al
sy geld maak uit die
ontsmettingsmiddel wat hy aan
skole verkoop.

PONG-*O*-LICIOUS

***VIR DAARDIE UNIEKE
SEUNSBADKAMER-REUK!***

(REEDS VIR 100 JAAR DIE TROTSE AMPTELIKE
VOORSIENER AAN DIE ONDERWYSDEPARTEMENT)

Ek was my hande en kyk vir myself in die spieël. Wat vir my terugstaar, is:

- 1 x frons (diep en beduiweld)
- 1 x tandepastablerts (op my

das)

2 x rooi oë (Kon gisteraand nie slaap nie.)

1 x deurmekaar bos hare (Het vanoggend verslaap en nie veel tyd gehad vir hare kam nie.)

Ek vee met my nat vingers deur my hare en probeer die deurmekaarspul so min of meer tem. Skielik vries ek net so – met my hande in my hare. Ek het gedog ek's alleen in die badkamer, maar daar's iemand

in een van die toilethokkies,
besig om te neurie. Vir 'n
oomblik kan ek my ore nie glo
nie, maar dan verander my
frons in 'n glimlag. Flippit! Ek
herken wraggies die liedjie
wat die ou neurie.

“O, hier's jy!” bars Zane my
bubble. “Ons soek jou die
wêreld vol – kom gou hier!”
Hy sleep my omtrent saam
buitentoe.

“Wat is dit?”

“Kom net saam,” sê hy. “Jy

moet dit hoor ...”

“Oukei, oukei, ek kom!

Iemand het nou net ons song
geneurie, Zane – op die toilet.
Is dit great of wat?”

Hy kyk skeefweg vir my.

“Uhm ... ek’s nie heeltemal
seker nie. Shut up nou en
luister ...”

Ek gehoorsaam en skielik
verstaan ek wat hy bedoel.

“Ag nee, al weer ...”

Dis Psycho Bob en Willem se
show en hulle speel ... reg

geraai: *Maak lemonade.*

“Dis incredible!” sê Bongsi opgewonde agter ons.

Ek kyk onbegrypend na haar en Liezl en Zane.

Liezl lag. “Ons is nommer een, stupid. Dis Psycho Bob en Willem se topdrie. *Maak lemonade* is nommer een. Mense het gister vir ons gestem!”

“Frikkie het ons ’n guns gedoen sonder dat hy dit bedoel het,” sê Bongsi. “Ons

het vir Jack Parow van die
topdrie af gepush!”

“Vir Bles Bridges, bedoel
jy,” help ek haar reg.

Nota aan self:

Dit voel om een of ander
weird rede great as
iemand jou song op
die toilet sit en neurie.

Wiskunde en 'n jackpot-vraag

As jy nie weet wat jy ná skool wil doen nie, sê almal jy moet wiskunde neem. Net ingeval jy dalk besluit jy wil 'n dokter of 'n vlieënier of 'n wiskunde-onnie of 'n rocket scientist

word. Partykeer wens ek ek
het nooit na almal geluister
nie. Ek haat wiskunde – veral
as ek soos vanmiddag sit en
sukkel. Ek het nie 'n clue wat
ek eendag ná skool gaan doen
nie, maar ek sal sorg dat dit
nie wiskunde probleme en 'n
gesukkel behels nie.

Ek sit en staar moedeloos na
die som wat ek uit die
handboek afgeskryf het. My
kop voel vanmiddag ekstra
dof. My gedagtes maal al

rondom die
vermenigvuldigtekens, die
breuke breek my moed en ek
staar my vierkantig in die
vierkantswortels vas. Ek
glimlag. As dit nou 'n opstel
was, het ek hope punte vir daai
idee gekry. Maar in wiskunde
tel oulike idees nie punte nie.
'n Som voel vere vir jou
oulike idees. Ek sug en trek my
calculator nader.

Op laerskool was dit altyd
groot pret om te kyk wie van

ons kan die langste woorde op
ons calculators skryf.

As jy 07734 tik en die
calculator omdraai, staan daar
“HELLO”. 317308 is
“BOELIE”. 91539 is
“GESIG”. Ek sit en speel
ingedagte met die calculator
om nuwe woorde te maak.
Liezl is die enigste lid van
Suurlemoen! wie se naam jy
amper met ’n calculator kan
skryf. 75317 is “LIESL”.

75317

Ek maak die skerm skoon en sit met 'n sug agteroor. Ek verstaan nie vir Liezl nie. Ons het nog nie weer regtig lekker gesels ná die Sondagmiddag in hulle tuin nie. Ek bedoel nou oor ander goed as die band. Dalk het ek daardie middag soveel nonsens gepraat dat sy nou dink ek's 'n psycho of iets. Sy en Bongsi is deesdae

onafskeidbaar.

Ek leun oor my lessenaar en beweeg my rekenaar se muis dat die screen saver kan verdwyn. Ingedagte sit en kyk ek na my nuwe wallpaper – 'n foto van Suurlemoen! wat ek met my kamera se timer-funksie geneem het. Ons is in die middel van 'n song. Bongi se oë is soos gewoonlik toegeknyp soos sy konsentreer om die tromme te moker. Ek en Zane staan al twee kitaar in die

hand na Liezl toe gedraai. En sy klem die mikrofoon met al twee hande vas terwyl sy die song uitskree, haar hare halfpad oor haar gesig.

Hierdie band-ding het skielik amazing geword. Almal by die skool praat daaroor. Daar's 'n hele klomp Suurlemoen!-jokes, maar daar is mense wat regtig van *Maak lemonade* hou. Ek kan nie glo hulle het daarvoor gestem nie. Oukei, dit vat seker omtrent 20 stemme om

op die skoolradiostasie se
nommereen-plek te beland,
maar nogtans ...

Sonder om daaroor te dink,
tel ek my selfoon op en bel
Liezl se nommer. Ek sweer, ek
het nie eens besef ek ken dit uit
my kop nie.

Sy's een van daardie mense
wat met 'n vraagteken groet as
sy die foon optel. "Hallo?"

"Haai, Liezl."

"Tiaan! Dis 'n verrassing."

"Ek hoop nie ek pla nie."

“Nee. Ek het nou net my wiskundehuiswerk klaargemaak.”

$$2 \neq 2 = \dots$$

“Gelukkige jy. Ek trek nog by die eerste som.” Ek wag dat sy nog iets moet sê, maar die tyd het duidelik aangebreek vir my om te sê hoekom ek bel. “Hoor hier, Liezl, ek het gedink ... jy’t gesê dit sal great wees as ons T-shirts kan maak met die band se naam en so op.”

“Ja?”

My gesig begin gloei. “Wel, ek het soort van gewonder ... Ek bedoel, ek het gedink dit sal nogal nice wees as ons ’n paar T-shirts kan maak en as pryse weggee. Miskien kan die radiostasie ’n kompetisie hou, jy weet. As ons dit regtig vinnig laat doen, kan ons Maandag by ons eerste gig al ’n paar weggee.” Ek besef ek praat hopeloos te vinnig. “Die ding is, ek het ’n paar idees.

Goed wat ek op my rekenaar
gemaak het. Ek het gedink ons
kan dalk die ander surprise ...
as jy dalk 'n tydjie het om te
kom kyk. Maar ek kan na jou
toe ook kom as jy wil.”

Mooi so, Tiaan, keep it up.
Hoe lame kán jy wees?

Sy het nog nie 'n woord gesê
vandat ek so begin babbel het
nie, maar ek kan duidelik hoor
hoe agterdogtig sy is. “Dis
cool van die T-shirts,” sê sy
huiwerig, “maar kan ons dit

nie môre of so doen nie? Ek
het soort van ... iets aan die
gang ...”

“Sure,” sê ek vinnig. “Geen
probleem nie. Thanks, dan sien
ek jou ...”

“Of wag ...”

Ek bly verbaas stil.

“Ek sê jou wat ... Ek sien jou
oor ’n halfuur, oukei?”

“Oukei?” Om een of ander
rede klink dit soos ’n vraag.

Sy sit die telefoon sonder ’n
verdere woord neer.

*Die ateljeegehoor is
doodstil. Die kameras zoem in
op sy gesig; 'n druppel sweet
pêrel teen sy neus af.*

*Televisiekykers oor die hele
land hou hulle asem op. Die
aanbieder kyk op sy kaartjie
en maak gereed om die laaste
vraag te vra, die jackpot-
vraag: Tiaan Fourie, wat op
aarde is jy besig om aan te
vang?*

My hart is 'n
suurlemoen...



... en jy is suiker.



Great

Liezl staan hande in die sye en
kyk na die ontwerp op my
rekenaar. Twee suurlermoene
wat aan mekaar vasgegroeï is
om 'n hartjie te vorm, met 'n
geknakte strooitjie wat in die
een suurlermoen steek. Boaan
staan *My hart is 'n*

*suurlemoen ... in neongroen
geskryf, en onder die hartjie
staan ... en jy is suiker.*

Agterop die T-shirt moet staan
Kom ons maak lemonade!.

“Dit lyk great.”

“Dink jy so?” Ek’s mal oor
die manier wat sy so
opgewonde kan raak oor goed.

“Sure. Ek is seker party
mense sal selfs betaal vir so ’n
T-shirt.” Sy frons. “Hoor hier,
wie gaan betaal om die T-
shirts te laat maak?”

“My pa het gesê hy sal die eerste tien borg. Hy ken iemand by die werk wat dit baie goedkoop kan doen. Ek dink hy voel effens skuldig omdat hy en my ma ons uit die garage geboender het.”

Sy glimlag. “Jou pa is baie cool.”

“Hy verras my nogal partykeer.”

“Jy’s ook nogal partykeer vol verrassings ...” terg sy.

“Wat bedoel jy?”

Sy beduie na die rekenaarskerm. “Die T-shirts. Jy’t tog self gesê jy wil die ander daarmee verras?”

“O. Ja.” Ek sluk. “Is jy ... Kan ek vir ons koeldrank kry?”

“Dit sal lekker wees.”

Ek is so half verlig om kombuis toe te gaan om koeldrank in te gooi. Ek weet nie wat met my aangaan nie.

“Ek het ’n idee,” sê Liezl toe ek terugkom met die koeldrank. “Ons kan ons T-hemde

Suurlemoen!-T noem. Jy weet, soos 'n label ...”

Ek kyk onbegrypend vir haar.

“Suurlemoen!-T,” herhaal sy. “Jy weet – ‘T’ soos ‘T-hemp’ en soos ‘suurlemoentee’ ...”

“O, sure! Dit sal baie nice wees.”

Sy rol haar oë. “Jy kan meer opgewonde wees, hoor! Ons kan 'n hele reeks T-shirts maak. Wat van een met 'n suurlemoen wat halfpad afgeskil is en waarop staan

‘Skil my af’? Of een met ’n suurlemoen waarby staan ‘Moenie so flippen suur lyk nie’.”

“As die band ’n flop is, kan ons ons eie T-hempbesigheid begin.”

Sy kyk verbaas na my. “Sjoe, praat van suur! Die band is beslis nie ’n flop nie. Dis een van die greatste goed wat ek nog ooit gedoen het.”

“Genuine?”

“Genuine.”

Ons het skielik niks meer te sê nie. Ek raak bewus van hoe naby ons aan mekaar sit. Ek wonder wat sal gebeur as ek nou oorleun en haar soen, net hier voor die rekenaar met my *Lord of the Rings* screen saver wat heen en weer oor die skerm beweeg. Dalk is dit soos een van daardie tonele in die flieks waar jy kan sien die held behoort nou die heldin te soen. Dis so duidelik, maar die simpel ou sien dit nie raak nie.

Come on, soen haar! roep almal in die fliek. *Maak 'n move, doofus!* Iemand gooi popcorn na die skerm. Sê nou ek is op die oomblik daai simpel ou? Wat sal sy doen as ek haar probeer soen?

Liezl lag onverwags. “Jy’s amazing, weet jy?”

Voor ek tyd het om te probeer dink of dit ’n goeie ding is, praat iemand agter ons.

“Julle is al twee amazing.”

Ek hoef nie eens om te draai

om te weet hier's moeilikheid
nie. Zane se stem sê
oorgenoeg. Ek kan sommer
sien hoe dit vir hom lyk: Ek en
Liezl wat styf langs mekaar by
die rekenaar sit, Liezl wat sê
“Jy's amazing” ...

Ek kan aan niks dink om te sê
nie, daarom swaai ek maar my
stoel stadig om. Ek is net
betyds om te sien hoe hy
omdraai en loop.

Ek spring op. “Hei, Zane!”
roep ek in die gang af. Ek hoor

hoe die kombuis se deur
toeslaan. Moet ek agter hom
aanhardloop?

“Dis my skuld,” sê Liezl.
“Ek’s jammer.”

“Dis nie jou skuld nie. Hy’s
sommer net ...”

Liezl staan op. “Ons was
veronderstel om vanmiddag
saam te gaan koeldrank drink.
Ek het ... toe jy netnou bel, het
ek hom laat weet ek het iets
anders aan die gang.”

Ek frons. “Maar hoekom ...?”

Liezl tel haar sak van my
lessenaar af op. Sonder om vir
my te kyk stap sy by die deur
uit.

“Liezl ...”

Hoe op aarde hardloop ’n
mens agter twee mense
gelyktydig aan?

Ek gaan sit met ’n sug op my
bed. Wat is die ergste – die
woedende, seergemaakte
uitdrukking op Zane se gesig of
die skaam, skuldige
uitdrukking op Liezl s’n?

Vergeet die flieks. Hierdie
het eensklaps in 'n sepie
verander. *The young and the
shameless. The band and the
beautiful. Days of our lies.*

Stilstupe

Zane praat nie met my nie. Dit was gisteraand al redelik obvious toe ek hom omtrent vyftig keer probeer bel het. Sy ma het eers die een verskoning ná die ander uitgedink, tot sy uiteindelik moedeloos gesê het: “Tiaan ... e ... ek dink nie Zane wil op die oomblik met

jou praat nie. Jammer, jong.”
Dit is dus nie ’n verrassing toe
ek sien hoe hy voor skool
doelbewus draaie loop om my
te vermy nie.

Die verrassing is dat Liezl
dieselfde doen.

Ek dink nie ek het in my hele
lewe al so stupid gevoel nie.

Pouse besluit ek om my
wonde in die mediasentrum te
gaan lek. Op pad soontoe kry
Bongi my voor stok. “Wat op
aarde is aan die gang?”

Ek sug. “Dis Zane. Gister toe
...”

“Ja, Liezl het my gisteraand
die hele storie vertel.”

“Ek is jammer. Ek weet nie
wat gebeur het nie ...”

Bongi glimlag meewarig vir
my. “Ons sal vanmiddag se
oefening moet afstel.”

Ek het nog nie eens daaraan
gedink nie. “Ons kan nie,
Bongi. Dis Vrydag – oor drie
dae tree ons op. Ons moet nog
songs kies om te speel en ...”

Bongi skud haar kop. “Laat ek sien ... Zane praat nie met jou en Liezl nie. Liezl praat nie met jou of Zane nie. Hoe op aarde wil jy hê moet ons oefen?”

Ek boor met my skoensool se punt in ’n kraak in die sement. “Jy’s reg. Miskien is dit beter as ons nie vanmiddag oefen nie.”

“Ek stel voor julle gebruik die tyd om dinge uit te praat ...”


Bongi stap sonder 'n verdere woord weg. Ek voel, indien moontlik, nog slegter as wat ek 'n paar minute gelede gevoel het.

Ek sluip die mediasentrum binne. 'n Graadagtmeisie met draadjies glimlag vir my van agter die toonbank. Ek maak 'n waaibeweginkie en sit my tas op die eerste beskikbare tafel neer. Hande in die sakke dwaal ek tussen die rye boeke deur sonder om regtig na die

titels te kyk.

Miskien is daar iewers 'n boek wat my uit hierdie gemors kan red. *10 Dinge om te Doen as Jy en Jou Beste Vriend van Dieselfde Meisie Hou*. Ekskuus, niemand het gesê ek hóú van haar nie. Zane het sommer aangeneem ... Haai, jy daar agter die toonbank! Verskoon tog, het julle dalk *10 Maniere om Vas te Stel of Jy van 'n Meisie Hou*, of is dit uitgeneem? Wat

*van Chicken Soup for the
Backstabbing Friend's Soul?*



Ek plons met 'n sug by die
tafel neer en haal 'n notaboek
en 'n pen uit my tas. Ek sit en
kou 'n ruk lank die pen se
agterkant voor ek begin skryf.

Redes waarom ek
(dalk!) op Liezl
verlief kan wees


1. Sy is die mooiste girl
in die skool.
2. Ek kan nie ophou om
vir haar te kyk nie.
3. Sy is slim en snaaks
en incredible.
4. Ons gesels vrek
lekker.
5. Ek skryf haar naam
met die calculator
as ek veronderstel
is om wiskunde te
doen.

Redes waarom ek
(beslis!) nie op
Liezl verlief kan wees nie

1. Zane het eerste van
haar gehou.
2. Sy praat nie meer
met my nie. (Ook
nie met Zane nie.)

Ek skeur die vel papier uit
die boek, staar 'n oomblik

moedeloos daarna en frommel
dit op.



Nota aan self: Partykeer
help boeke niks.

= Vuishou =

Dit sal beter wees as ons mekaar die hele naweek glad nie sien nie, maar Bongi bel Vrydagaand om te vra of ek die volgende oggend tienuur kan oefen.

“Wat van die ander?” wil ek versigtig weet.

“Hulle sal daar wees,” sê sy.
“Ons moet besluit watter drie songs om te speel en hulle darem ten minste een keer oefen voor Maandagaand.”

As Bongi daai saaklike niks-nonsies-stemtoon kry, praat jy liewer nie teë nie.

Gelukkig besluit Bongi wyslik om Saterdagoggend éérste by die musiekkamer op te daag. Ek is bly ek hoef nie alleen saam met Zane of Liezl te wag nie. Liezl daag ’n

minuut of wat later op. “Haai, julle,” groet sy met ’n stywerige glimlag en begin dadelik om die amp en die mikrofoon op te stel. Ek en Bongi kyk vir mekaar en staan op om ons instrumente ook reg te kry.

Net toe ek begin dink hy gaan nie opdaag nie, maak Zane sy verskyning. Hy groet niemand nie. Hy kry sy kitaar, plug dit in en gee so ’n vet, fake smile. “So, wat speel ons?”

Die atmosfeer is so gespanne soos voor 'n boksgeveg. Almal wag om te sien wie die eerste vuishou gaan plant.

Bongi maak keelskoon.

“Oukei, ons moet obviously *Maak lemonade* en *Van my kop af* speel. Vir dié van julle wat nie gehoor het nie, *Maak lemonade* was gister weer nommer een op Psycho Bob en Willem se show.”

Geen reaksie nie.

“Meneer Marx het gesê ons

het so 'n kwartier voor *Romeo and Juliet* begin. So, ek dink ons moet nog so twee ander bekende songs kies. Sommer twee van dié waarmee ons begin oefen het.” Sy kyk moedeloos na ons. “Enige voorstelle?”

“E ... wat van *Smells like teen spirit*?” sê ek vinnig voor die stilte kans kry om ongemaklik te raak.

Bongi wag vir iemand om iets te sê. “Oukei, dis een

voorstel ...”

“Wat van ’n Afrikaanse treffer of twee?” sê Zane onverwags. Ek weet sommer dis die vuishou wat ek die hele tyd verwag het. Ek het hom nog nooit so ’n sarkastiese stemtoon hoor gebruik nie.

“My ma het so ’n CD met ’n liedjie van Anneli van Rooyen. Ek dink die song se naam is *Soos ou vriende doen ...*”



“Zane ...” sê Bongi
waarskuwend.

Te laat. Liezl skakel haar
mikrofoon met ’n dowwe
dwump!-geluid af, tel haar sak
op en loop.

Bongi roep agter haar aan,
sonder enige sukses. Sy sug
moedeloos. “Ek sal toesluit,”
sê sy.

Ek plug my kitaar uit sonder
om vir Zane te kyk en bêre dit.
Elke jaar met die huissport

neem ek aan die
agthonderdmeter deel. Ek is
een van daai ouens wat inskryf
sodat die wenners nie alleen
hoef te hol nie – ek het nog
nooit beter as vierde plek
gekry nie. Almal weet klaar
wie die vinnigste is. Maar elke
jaar as die skoot klap, is daar
nog so vir die eerste
seshonderd meter die kans dat
jy vanjaar tot die einde toe sal
uithou. En dan breek die beste
atlete skielik weg om die

pylvak binne te hardloop. Daar is altyd so 'n oomblik wanneer jy besef jy is besig om te verloor. Jy probeer vasstel of jy nog genoeg krag het om hulle 'n go te gee, en vir 'n oomblik dink jy jy kan dit regkry. Maar dan raak jou bene skielik lam en jy weet dis useless. Dis die oomblik wanneer jy die race verloor.

Dis presies hoe ek nou voel.

en toe...

EN TOE...

en toe die pylvak.

toemaar.

Mitgeplug

Ek weet sommer dis slegte nuus toe Bongi my Sondagaand bel. “Liezl het my kom sien.”

“O?” Ek weet nie wat anders om te sê nie.

“Sy quit.”

“Wat?!” Dis nie asof ek nie aan die moontlikheid gedink

het dat so iets kan gebeur nie,
maar dis nogtans 'n skok.

“Sy’s klaar met die band,
Tiaan. Ek het klaar vir Zane
ook laat weet.”

“Maar ... maar ... sy kan nie.
Sy mag nie quit voor 'n maand
verby is nie ...”

Ek het 'n nare vermoede wat
Bongi vir my gaan sê.

“Wanneer laas het jy op 'n
kalender gekyk?”

Flippit. Sy’s reg. Dit was
hierdie Vrydag presies vier

weke sedert ons in die Milky Lane gesit en op 'n naam besluit het.

“Wat van môreaand? Die show ...?”

Ek dink dis die eerste keer dat ek Bongi hoor sug. “Ek sal vir meneer Marx gaan sê ons kan dit nie doen nie. Tensy jy natuurlik 'n geheime sangtalent het waarvan ons nie weet nie.”

Ek weet nie wat om te sê nie.

“Ek moet gaan,” sê Bongi.

“Ons chat môre.”

Ek sit verslae by my
lessenaar. Teen my muur is 'n
afdruk van die plakkaat wat
ons by die skool opgesit het.
Die suurlemoen met die
elektriese draad.

Daai suurlemoen is pas
uitgeplug.

Bands wat hulle alie gesien

het omdat hulle gefight het

Ek het die hele
rekenaarperiode op die Net
gesurf en 'n lys gemaak van
bands wat na bewering gesplit
het as gevolg van 'n fight. Dié
wat nie wil erken hulle het

gefight nie, noem dit
“kreatiewe verskille”. Die
bands wat ek kon kry voor
meneer Rademeyer kom vra
het of ek vorder met my taak,
was (in alfabetiese volgorde):

* ABBA

* Die Beach Boys

* Die Beatles

* Skunk Anansie

* Take That

(Robbie Williams
se boy band)

* The Smashing
Pumpkins

Dit was 'n stupid lys om te maak. Ek voel, indien moontlik, nog meer depressed.

Meneer Marx

Eerste pouse staan die vier van ons in stilte voor meneer Marx se klas en wag. Bongi eet haar toebroodjies. Ek is druk besig om 'n stok wat ek opgetel het in duisende stukkies te breek. Zane neurie iets en tik-tik met sy voet op die vloer. Liezl staan met haar arms gevou en

staar na die boom voor die musiekklas asof dit die interessantste ding op aarde is. Nie een van ons kyk vir mekaar nie.

“Vir wat wil hy ons sien?” brom Zane skielik. “Ons het gesplit, ons kan nie meer vanaand speel nie. Dis so eenvoudig soos dit. Ek’s nie lus vir ’n preek nie.”

Niemand sê ’n woord nie. Ek dink skielik aan die dag, meer as ’n maand terug, toe ek en

Zane die brief op meneer Marx
se lessenaar moes kom neersit.
Mozart met die lipstick. Dis
waar alles begin het. Miskien
sou dit beter wees as dit
liewer nooit gebeur het nie. Ek
en Zane sou nog aangekarring
het met ons twee kitare en ons
cover songs; ons sou nog nou
en dan kon chat oor hoe cool
dit sal wees om 'n band te hê;
flippit, ons sou ten minste nog
met mekaar gepraát het.

Ek sien eers vir meneer Marx

toe Bongi haar kosblik met 'n klikgeluid toemaak. Hy maak die klas se deur sonder 'n woord oop. “Kom binne.”

Die klas ruik na stof en bordkryt. Bach en Mozart en hulle vriende lyk nog norser as gewoonlik. Meneer Marx, aan die ander kant, lyk heel vriendelik. “So ... ?” Hy laat die woord in die lug hang.

Nie een van ons sê iets nie.

“Bongi sê vir my julle het opgebreek.” Hierdie keer wag

hy nie vir een van ons om te praat nie. “Ek is jammer, ek weet presiés hoe aaklig dit is as ’n band split. Julle hoef uit die aard van die saak nie vir my te verduidelik wat gebeur het nie. Dis julle saak. Soos julle weet, was ek ook eeue gelede in ’n band.” Hy huiwer ’n oomblik. “Onthou net, om te split is aaklig, maar partykeer is dit beter as om mekaar die heelyd moeilikheid te gee.” Hy glimlag voor hy saaklik

verder praat: “Wat vanaand se optrede betref – dis jammer julle kan nie speel nie, maar ek sal dit vir meneer Van Schalkwyk verduidelik. Julle moet onthou om die organiseerders van die band-kompetisie te laat weet julle onttrek. Ek sal bly wees as julle so teen Vrydag se kant vir my die kamer hier langsaan se sleutel kan laat terugkry ...”

Ek kan sien Bongi, Liezl en Zane is ewe verbaas. Ek dink

ons het almal 'n preek verwag,
of dat hy ons gaan vra om te
verduidelik wat gebeur het.

“Oukei, as julle my sal
verskoon, ek het heerlike
toebroodjies ingepak ...”

Maar, neneel neneel... Wag...

Ons stap sonder 'n woord uit.

“Wow,” sê Bongi sag toe ons
buite is.

Ek verstaan soort van wat sy
bedoel. Op 'n manier sou 'n
preek beter gewees het. Ek bly
staan verdwaas voor die

musiekklas terwyl die ander drie elkeen in hulle eie rigting stap.

Meneer Marx se woorde laat my simpel voel. Het hy genuine bedoel wat hy gesê het?

Hy was tog self in 'n band. Het hy vergeet hoe great dit is as 'n mens jou gedaan gesukkel het met 'n song en skielik begin alles net wérk? Ek dink die greatste én die aakligste gevoel op aarde was die eerste

keer toe ons begin om van my
gekrabbel op die Post-It-
plakker 'n song te maak – 'n
actual flippen song wat mense
op die toilét sit en neurie! En
ons is nog net 'n maand aan die
gang! Ek weet nie of ek al ooit
soveel fun gehad het soos die
afgeloopde maand nie. Dit kan
nie sommer net só eindig nie
...

Nota aan self:

Onderwysers is weird. Ek
dink partykeer sê hulle
presies die teenoorgestelde
van wat hulle bedoel en
dan hoop hulle jy kry die
antwoord self uitgefigure.



Ek is relatief normaal. Vra
enigiemand in die skool. Ek
het nog nooit in my hele tien
jaar op skool enigiets gedoen
wat seriously psycho was nie.
Daarom voel dit half vreemd
om vir drie periodes met 'n

totale mal plan in my kop rond te loop. Dis asof ek bang is die res van die skool kan op 'n manier sien wat in my kop aangaan.

Ek weet nie eers waar die idee vandaan gekom het nie. Dis nie die soort ding wat gewoonlik net in my kop inpop nie. Ek het sommer uit die bloute besluit ek gaan iets doen voor dit te laat is, en ongelukkig was die eerste plan wat my te binne geskiet het die

malste een ...

Ek dink nie ek was self eers heeltemal oortuig ek gaan dit doen nie. Tot ek vyf minute voor tweede pouse my hand opsteek en vra om die klas te verlaat.

“But break is in five minutes, Tiaan,” sê juffrou Duncan.

“I know, Ma’am. But ... I’ve got to ...”

Die klas lag en ek voel hoe my gesig warm word.

“Okay then, go,” gee sy in.

Ek los my tas net daar in die klas sodat juffrou Duncan nie agterkom ek beplan nie om voor pouse terug te kom nie. Die gange is verlate. Elke keer as ek by 'n klas verbystap, kan ek die onderwyser se stem binne hoor dreun. Meneer Zimmerman verduidelik iets oor grootboekrekening. Daar's 'n gelag in juffrou September se klas. Meneer Brits se stem brom soos 'n by wat teen 'n ruit vasvlieg.

Ek klim met die trappe op en konsentreer om nie te dink aan wat ek besig is om te doen nie. Die radiostasie is tussen die personeelkamer en die mediasentrum. In die deur is 'n posbusgleuf met 'n bordjie daarby waarop *Versoeke* staan. Ek loop verby die mediasentrum en glip by die mansonderwysers se badkamer in, ingeval 'n onderwyser dalk 'n minuut of twee voor pouse personeelkamer toe kom en my

sien.

Dis unfair – die onderwysers
se badkamer lyk én ruik
aansienlik beter as ons s'n.

Daar's selfs seep en
handdoeke by die wasbakke.
Ek sluit myself in een van die
toilethokkies toe en gaan sit
bo-op die toilet se deksel. Ek
probeer my bes om nie te dink
aan wat ek op pad is om te
doen nie ...

Die klok lui gouer as wat ek
verwag het. Ek sluit die hokkie

oop en loer vir myself in die
spieël voor ek uitstap. Ek lyk
nog min of meer dieselfde as
voor ek mal geword het.

Ek hoef nie lank te wag nie.
Die klok het skaars gelui, toe
Willem die radiostasie se deur
oopsluit en ingaan. Ek staan en
wag voor die mediasentrum.
Psycho Bob kom fluit-fluit
nader gestap. Hy is so
ingedagte dat hy my nie
raaksien nie. Hy kyk eers op
toe hy die deur agter hom wil

toedruk en ek dit oopforseer ...

“Hei, my ou, jy kan nie hier in—”

Ek glip binne en kyk na die twee radio-aanbieders se verbaasde gesigte. “Oukei, ouens, julle moet my help ...”

Nota aan self:

As alles skeefloop, kan hierdie
dag in die geskiedenis
aangeteken word as

Die Dag Toe Tiqa Fourie
Se Loopbaan As
Jeugmisdadiger Begin Het.



Gyselaarsdrama

“... en ek is seker dis ’n eerste in ons skool se trotse geskiedenis .”

“’n Gyselaarsdrama! Ja, jy’t reg gehoor ...”

“Hy’t die sleutel gevat en ons word gevange gehou in ons eie ateljee.”

“Jou twee gunsteling-DJ’s is die gevangenes van ’n malman! Hy’s nie gewapen nie,” sê Willem met ’n stem wat klink soos die voice-over in ’n grilfliek, “maar daar’s ’n vreemde, wilde kyk in sy oë ...”

Ek beduie vir Willem ek gaan die mikrofoon vat as hy nie ophou strooi praat nie. “Uhm ... oukei, ek gee nou die mikrofoon oor ...”

Ek vat die mikrofoon by hom.

Dis doodstil. Deur die venster kan ek honderde nuuskierige gesigte onder ons op die skoolterrein sien. Hulle kan darem nie my gesig sien nie – ek weet, want ek het al pouses probeer om die twee DJ's te sien. “E ... hallo.”

Flippit, ek klink stupid! Dis natuurlik 'n minuut of twee te laat om skielik te besef hoe absoluut aardskuddend belaglik my plan was. Maar hier sit ek nou ...

“Ek ... uhm ... wel ...” Psycho Bob en Willem kyk vraend na my. Ek haal diep asem. “Wel, ek was tot die naweek lid van ’n band met die naam Suurlemoen!. Julle het al ons song hier op hierdie ... e ... radiostasie gehoor en daarvoor gestem.”

Ek kan sien hoe ’n paar van die kinders buite hande klap. Daar’s geen teken van Zane, Bongie en Liezl nie.

“E ... thanks daarvoor! Maar

die ding is, ongelukkig het ons band gesplit ... die naweek. So, julle sal nie vanaand ons show kan sien nie.” Ek sluk. “Dis hoekom ek hier is. Ek het besluit ons behoort ten minste vanaand se één show saam te speel. Net ... wel, omdat ons so hard geoefen het. En ... ons was soort van great saam ... Ek bedoel ... soos regtig amazing ... ons het hengse fun gehad en ... dit was incredible ...”

Ek kan aan Pyscho Bob se

gesig sien ek's besig om te gorrel.

“Anyway ... Liezl, Bongib, Zane ... ek het die radiostasie se sleutel en ek gaan nie hier padgee voor julle ingestem het om vanaand saam met my te speel nie. 'Seblief. Net vir oulaas. Julle kan al drie julle antwoorde in die posbus-affêre hier by die radiostasie kom ingooi.”



Ek kan aan niks verder dink
om te sê nie.

Psycho Bob vat die
mikrofoon by my. “Daar het
julle dit. Great stuff!”

“Dis die *Psycho Bob en
Willem Show* – beter as reality
TV ...” val Willem in.

“Jy kan dit reality radio
noem, Willem!”

“So, terwyl julle twee favourite DJ’s hier binne gyselaar gehou word ...”

“... speel ons vir jou ’n song of twee. Hier is ...”

“... *Maak lemonade* deur Suurlemoen!, die groep wat vandag sorg vir al die aksie en drama hier op die *Psycho Bob en Willem Show!*”

Willem skakel die mikrofoon oor na musiek – *Maak lemonade* dreun oor die skoolterrein.

“Tjips?” vra Psycho Bob en hou ’n groot pak kaasgeurtjips na my uit.

“Nee, dankie.” Ek kug.

“Luister, julle ouens, jammer dat ek sommerso ...”

“Dis cool,” sê Willem.

“Baie cool,” beaam Psycho Bob.

“E ... thanks,” mompel ek.

Ek weet nie eintlik wat om nou te doen nie. Ons sit en luister hoe die liedjie klaar speel. Ek kan nie help om elke

paar minute by die venster uit te loer nie. Daar was nog nooit pousetyd soveel kinders op een slag in die vierkant bymekaar nie.

“Ek dink daai klomp daar onder is besig om jou band se naam te chant,” sê Willem koeltjies en trek die mikrofoon nader terwyl die laaste note van die song speel. “Dit was die eks-groep Suurlemoen! met *Maak lemonade!*”

“En vir dié van julle wat

skelm in die toilet gerook het
en als gemis het ...”

“’n Lid van Suurlemoen! hou
op die oomblik ons radiostasie
gyselaar ...”

“... in ’n poging om sy band
te red.”

“En ek moet ongelukkig
rapporteer dat dit tot dusver
onsuksesvol was.”

“Jip, ons het nog niks van die
ander drie lede van
Suurlemoen! gehoor nie.
Terwyl ons wag, daar’s tyd vir

nog een song voor die klok lui
...”

“Hoewel tweede pouse tot
dusver hierdie week elke dag
presies ... e ... een minuut en
47 sekondes korter was as wat
dit moet wees. Onthou, dis jou
vrye en demokratiese reg om
hieroor te kla ...”

“Moet net nie ons radiostasie
hijack nie!”

Die liedjie begin speel.

“Sorry oor daai laaste een,”
maak Psycho Bob verskoning.

“Partykeer dink ek nie voor ek praat nie.”

“Dis niks,” sê ek.

Ons sit en luister na die song. Psycho Bob en Willem maak beurte om die pak tjips te polish. Hulle baklei oor wie die laaste krummels in sy keel kan afgooi. Willem stel voor hulle speel Ching Chong Chang om die probleem op te los. Hulle is wraggies net so way-out as wat hulle op radio klink. Voor een van die twee kan

wen, lui die klok.

“Wat nou?” vra Willem vir my.

Psycho Bob gebruik die oomblik om die oorblyfsels van die pak tjips in sy keel leeg te maak.

Ek byt op my onderlip. “Nou niks. Ons bly net hier. Moenie die musiek afsit nie.”

“Oukei,” sê Willem met ’n skoueroptrek. Hy laat die musiek fade. “Dis Psycho Bob en Willem hier. Die

gyselaarsdrama op die *Psycho Bob en Willem Show* duur voort ...”

“... sonder enige teken dat die einde in sig is ...”

“... en ons wil daarom net inniglik verskoning vra vir meneer Ferreira ...”

“... ons kan ongelukkig nie die wiskundetoets skryf nie, weens omstandighede buite ons beheer ...”

“Glo my, dis eintlik beter so, Meneer,” sê Psycho Bob. “Nie

een van ons twee het vreeslik baie geleer nie ...” Hy draai die musiek harder.

Onder op die skoolterrein is twee groepe – dié wat rye toe stap en dié wat in bondeltjies bly staan om na die radiostasie te luister. Ek loer na die briewebus. Dis nog steeds leeg. Die onderwyser op ryediens het seker sy verskyning gemaak, want die vierkant raak vinnig leeg. Maar die musiek dreun nog

steeds oor die terrein.

Ek wip van die skrik toe daar skielik 'n klop aan die deur is. Ek beduie vir die twee DJ's om te bly sit. Die klop aan die deur word dringender. Dan kom 'n gedempte stem: “Maak oop die deur. Wat gaan daar binne aan? Fourie?”

My hart slaan 'n nare, stadige bollemakiesie. Ek sal die skoolhoof se stem enige plek op aarde herken.

Enige kans om uit die

moeilikheid te bly is nou in sy
glory. Ek het half gehoop my
stunt is verby voor enige van
die onderwysers daarvan
uitvind. Maar met die musiek
wat steeds oor die skoolterrein
dreun, is daar nie 'n kans nie
...



Ek beduie vir die twee DJ's
om stil te bly.

“As jy nie op die daad

daardie musiek afsit en daar uitkom nie, is daar moeilikheid.”

Stilte.

Die skoolhoof sê niks verder nie. Ek neem aan hy het weer geloop.

“Jy’s mal, my ou,” sê Willem. Ek is nogal bekommerd om iets soos bewondering in sy stem te hoor.

Psycho Bob kyk op sy horlosie. “Dis tien minute van die wiskundeperiode daarmee

heen,” merk hy ingenome op.

Daar is weer ’n klop aan die deur. “Tiaan, dis meneer Marx hier ...”

Ek kry so ’n naar gevoel op die krop van my maag.

“Ek het met meneer Van Schalkwyk gepraat. Jy’s nie in die moeilikheid nie. Maar dan moet jy nou oopsluit en uitkom. Asseblief ...” Daar’s ’n oomblik stilte. “Uhm ... Tiaan, hier het nou net pos vir jou gekom. Ek gooi dit in ...”

Ek stap tot by die deur en vat
die drie stukkies papier aan
wat deur die gleuf gestoot
word.

Oukei, ons kan
speel. Dis te se
as jy nie lewenslang
gehoek, of geskors,
word nie.

Bongi

Noc kindie een skur.
Liegl

Is jy flippers van jou trollie af?

Ja, orraait. Ons kan speel. Z.

Ek glimlag vir Willem en
beduie hy moet die mikrofoon
aansit. Ek dink die
luidsprekers is hard genoeg dat

jy my tot in die verste klasse
kan hoor. “Uhm ... oukei, julle
ouens, sien julle vanaand by
die show ...”

Nota aan self: Agtste wonder van die
Wêreld :

Die feit dat meneer Marx
vir meneer Van Schalkwyk
oorreed het om my nie te
skors, voor 'n vuurpeloton te
laat sterf, my ouers te bel of
my soveel detensie te gee dat
ek nie my vyftigste verjaardag-
partytjie kan bywoon nie.

Suurlemoen! en Shakespeare

“Bob, hoekom dink jy is
Romeo and Juliet die mees
romantiese storie op aarde?”

“Geen idee nie, Willem.”

Ek rol my oë in die
halfdonker agter die gordyn en
glimlag ten spyte van die
skoelappers in my maag. Daai
twee hoef net hulle monde oop

te maak dan lag mense al vir hulle. Wie op aarde het besluit hulle behoort die seremoniemeesters te wees? Miskien het vanoggend se “gyselaarsdrama” die deurslag gegee ...

“Ek weet ook nie. Maar ek het gehoor hulle gaan al twee dood aan die einde.”

“Ek glo dit nie!”

“Nee, serious.”

“Nee, ek bedoel: Ek glo dit nie – jy het nou net die einde

weggegee!”

“Komaan, jy’s seker die enigste mens op aarde wat nie die einde ken nie. Dis soos *Titanic* – almal weet die skip gaan sink. Maar vergeet eers van Shakespeare, want dis nou tyd vir Suurlemoen! – op die oomblik nommer een op *Die Psycho Bob en Willem Show!*”

“Hierdie ouens het vandag soveel drama veroorsaak dat hulle ernstige kompetisie vir Shakespeare is ...”

“Hei, ons is nie veronderstel om daaroor te praat n—”

“Dames en here, hier is Suurlemoen! ...”

Die gehoor klap hande. Die ligte gaan af soos ons vanmiddag met die verhoogbestuurder afgespreek het. Ek knyp ’n oomblik lank my oë toe en byt op my tande. Half in ’n dwaal stap ek saam met Zane, Liezl en Bongi op die verhoog. Die hele saal is stil. Dan trek Bongi los met die

onheilspellende tromgeroffel
van *Van my kop af*. Dit klink
ongelooflik so in die donker.

Doef-doe-de-doe.

Stilte.

Doef-doe-de-doe.

Stilte.

Doef-doe-de-doe.

Die bekende klank help om
my bewerige hande tot
bedaring te bring. Dit help my
om te vergeet hoe ons die hele
middag lank besig was met die
reëlins sonder om regtig een

keer met mekaar te praat,
behalwe as dit regtig nodig
was. Dit help my om te vergeet
van al die aanmerkings wat ek
moes verduur ná vandag se
malspul, en van die feit dat al
die onderwysers briesend is
vir my. Dit help my om te
vergeet dat ons nie meer
genuine 'n band is nie en dat
Liezl dalk nooit weer met my
gaan praat nie.

Ek asem diep in ... en die
ligte flits aan op die presiese

oomblik dat ek en Zane met die
kitare by Bongi se beat inval.
My hart maak 'n vreemde
sprongetjie in my bors. Die
klank is oorverdowend saam
met die geskree van die
crowd; dit klink heeltemal
anders as wat dit nog ooit in
meneer Marx se
musiekkamertjie geklink het.
Dit klink ...



Ek, Zane en Bongi hou
presies op die regte oomblik
op met speel. Als is doodstil.
Ek sweer, ek kry hoendervleis
toe Liezl begin sing. Die song
het nog nooit so mooi geklink
nie – sy kry daai fluisterstem
op die eerste vers perfek reg.

Die ligte pols saam met die
sagte, vinnige ritme van haar
stem.

Jy maak my gil
Jy maak my lag

Jy maak my skreeu

Jy maak my dag

Jy maak my warm

Binne-in

Jy maak my so

Die duiwel in

Ek dink 'n paar mense wip
van die skrik toe die koor
skielik begin.

Dit klink ...

Al my skille dop af

Ek word van my kop af!

Dit klink ... amazing!



Romeo en Juliet

Dis nou wat juffrou Pienaar 'n antiklimaks sal noem: Om ons instrumente ná die tyd in stilte terug te dra musiekkamer toe. Niemand sê 'n woord oor hoe great dit was nie. Miskien is ek die enigste een wat dink dit was wonderlik toe almal aan die einde opgestaan en hande

geklap en hulle voete gestamp
het vir nog 'n song.

Ek dink Zane en Liezl is erg
vies oor wat ek tweede pouse
gedoen het. Oukei, ek erken dit
was embarrassing en simpel en
kinderagtig. Maar die weirdste
ding is dat nie een van hulle
nog regtig iets daaroor gesê het
nie. As hulle net wil práát ...

Zane brom iets van huiswerk,
en verdwyn. Asof hy hom al
ooit oor iets soos huiswerk
bekommer het.

Bongi sluit die orkeskamer toe. “Ons beter teruggaan as ons *Romeo and Juliet* wil sien ...”

“Ek moet ook waai,” sê Liezl.

“Oukei, los my maar om alleen deur Shakespeare te suffer,” sê Bongi.

Liezl byt op haar onderlip en glimlag verskonend. “Sorry, jong. Ek het klaar vir my pa ge-SMS om my te kom haal.” Sy waai vir ons voor sy

wegstap.

“Nou ja, dan is dit ek en jy en Shakespeare,” sê Bongi. “Of gaan jy my ook nou drop?”

Ek sug. “Nee, dis oukei.”

Ons stap in die donker terug saal toe. “Bongi, ons was vrek goed. Dit was ...” Ek weet nie wat om te sê nie; hoe om te verduidelik hoe dit gevoel het daar op die verhoog nie.

“Ek weet,” is al wat sy sê.

“Ek en Zane het alles behoorlik opgeduiwel.”

Sy gaan staan voor die saal se deur. “Dis nie net julle twee se skuld nie.”

“Wat bedoel jy? Natuurlik was dit.”

“Liezl kon vroeër gewys het hoe sy voel ...”

“Hei, wil julle inkom of nie?” vra ’n meisie by die deur. “Die show gaan begin. Geen laatkommers nie.”

“Bongi ...?” probeer ek keer, maar sy is klaar by die deur in. Ek stap met ’n sug agter haar

aan. Nog voor ons behoorlik
sit, gaan die gordyne oop.

Romeo en Juliet se
liefdesverhaal skop in alle
erns af, maar ek kry nie
gekonsentreer op die
hoogdrawende Engels nie.

Bongi, aan die ander kant, lyk
of sy elke woord indrink.

Romeo staan voor Juliet se
balkon en sukkel om die
dialoog baas te raak met sy
Afrikaanse aksent. Dis flippen
simpel. Geen ou kan soveel

romantiese goed die een ná die ander uitryg nie.

“I am the East and Juliet is the sun. Arise sweet sun!”

Ek sug. Presies wat ek bedoel.

Bongi draai onverwags na my toe. “Sy’s mal oor jou.”

“Huh?”

“Liezl. Sy’s mal oor jou, weet jy? Haar ma en pa wou nie hê sy moes in die band wees nie, maar sy’t gefight. En jy’s een van die redes ...”

“Sjuut!” sê iemand agter ons.

Ek is nie seker of ek reg gehoor het nie. “Serious?”

Ek kan selfs in die donker sien hoe Bongi haar oë rol.

“Mansmense! Julle is almal ewe blind.” Sy sug. “Sy’s mal oor jou, maar sy weet Zane hou van haar. Sy wil nie tussen julle twee kom nie ...”

“Sal julle twee asseblief stilbly?” kom die sarkastiese stem weer van agter.

Bongi draai om in haar stoel.

“Luister hier, daai klomp op die verhoog fake ’n love story. Ons is hier met ’n regte love story besig. Oukei?”

Tjoepstil.

Ek sit ’n ruk lank geskok stil. Nou die dag het ek iewers gelees van ’n stunned silence. ’n Geskokte stilte. Ek kan dit nie help nie – dit voel of my hart hier in my keel opkruip. Ek glimlag. Hierdie is ’n stunning stilte.

“Hei, waarheen gaan jy

nou?” vra Bonggi.

Ek glimlag en ignoreer die verergde gebrom van mense wat nie kan sien nie omdat ek in hulle pad staan. “Ek gaan verf soek ...”

Notq aan self: Tiaan Fourie
is amptelik mal.

Meer as een skroef las.

Al die varkies nie op hok nie.

Die ligte is aan maar daar's
niemand tuis nie.

En dit voel nogal nie te sleg nie...

Verf

Die man wat die deur oopmaak, lyk effens uit die veld geslaan. “Goeienaand?”

Ek sluk. “Naand, Oom. E ... is Liezl hier, Oom?”

Hy kyk na die plastieksak met verfblikke en kwaste in my hand. Ek wens vir ’n oomblik

ek was een van die goggas wat rondom die helder stoeplig draai. “Wel ... e ... ek moet net hoor of sy nog nie in die bed is nie. Kom binne ...” nooi hy effens huiwerig.

Ek bly verleë in die sitkamer staan, naby die deur, ingeval hulle my wegjaag.

“Tiaan?” Liezl lyk verbaas.
“Wat maak jy hier?”

Daar's twee dinge om oor bly te wees. Eerstens: Sy het darem nog nie haar nagklere

aan nie. (Nie dat ek iets teen nagklere het nie. Ek is seker sy lyk great in nagklere. Maar dit sal net nog méér embarrassing vir ons al twee wees.)

Tweedens: Haar pa en ma bly nie in die sitkamer om te hoor wat ek te sê het nie.

Ek hou die plastieksak met die verf omhoog. “Ek het iets kom doen wat ek al lankal moes doen ... Ek het jou tuinkabouter kom verf.”

Ek kan sien sy sukkel ’n

oomblik lank om nie te glimlag
nie, maar sy klink verbasend
omgekrap toe sy praat.

“Komaan, Tiaan, dis nie
snaaks nie. Dis laat en my pa-
hulle –”

“Dis nie ’n grap nie,” val ek
haar in die rede. “Ek sal
niemand pla nie. Julle kan gaan
slaap as julle wil. Al wat ek
vra, is toestemming om julle
tuinkabouter te verf. Ek het my
eie flits saamgebring ...” Ek
grawe in my sak en haal die

flits uit. “Wel, my pa s’n, om die waarheid te sê. Kyk, een miljoen kerskrag ...”

Liezl trek haar skouers op.
“Oukei, ek sluit vir jou oop.”

Ek stap agter haar aan terwyl ek probeer uitpluis wat sy dink. Liezl sit ’n buitelig aan. Die lig weerkaats op die swembad en gee die hele tuin ’n vreemde blou-groen skynsel. “Thanks,” sê ek, “ek sal verder regkom.”

Die tuinkabouter staan nog

steeds waar hy laas was. Ek sit die sak met die verf langs hom neer, skakel die flits aan sodat dit soos 'n spotlight op hom val en maak my op die grasperk tuis. Ek dwing myself om nie te kyk of Liezl daar is nie, maar ek glimlag verlig toe ek hoor hoe sy 'n tuinstoel nader sleep. Met klein, egalige bewegings begin ek die kabouter afskuur.

“Wat maak jy, Tiaan?”

“Dis skuurpapier,” hou ek my

dom. “’n Mens moet eers die ou verf afskuur voor jy kan begin verf.”

Ek dink sy vererg haar vir my antwoord, want sy vra niks verder nie. Die enigste geluide is die eentonige geklop-klop van die swembadpomp en die girts-girts van die skuurpapier op die kabouter.

girts-girts-girts-klop-klop-klop-klop-klop-klop-klop-klop

“Liezl!” roep ’n bekommerde stem.

“Ja, Ma?”

“Wat doen julle? Vir wat sit julle buite in die tuin?”

“Hy’s besig om ons tuinkabouter te verf, Ma.” Ek kyk op om seker te maak of ek reg gehoor het. Dit het geklink of sy dik van die lag is. Sy laat haar nie so maklik uitvang nie – haar gesig is doodernstig.

“Die tuinkabouter?” Dit klink of die tannie haar ore nie kan glo nie.

“Ja, Ma.”

Liezl se pa verskyn in die deur en sê saggies iets vir sy vrou. Daar is 'n oomblik lank stilte.

“Kan ek vir julle koffie bring? Of Milo?”

“Nee dankie, Ma.”

Sy huiwer. “Nou goed dan, maar onthou, môre is skool. Moenie te laat wakker bly nie ...”

“Oukei.”

Ons is weer alleen. Ek begin 'n deuntjie fluit terwyl ek die

laaste deel van die kabouter se broek afskuur. Hy lyk nog slegter nou dat die laaste verfskilfers af is. Ek blaas die stof af en sit hom neer. Ek graaf 'n skroewedraaier uit die sak en maak die eerste verfblik se deksel oop.

“Helderrooi,” sê ek vir niemand in die besonder nie.

“Vir sy hoed en sy broek.”

“Wie sê hy hou van rooi? Hy het nog altyd blou gedra.”

“Hy hou nie van blou nie,” sê

ek sonder om op te kyk. “Die taal van tuinkabouters, onthou ...”

Sy sê niks nie.

“Buitendien, hoe sal jy voel as jy al vir jare dieselfde kleur dra?”

Ek kan haar seker nie kwalik neem dat sy nie antwoord nie.

“Wat wil jy eintlik vir my sê?” Sy klink moedeloos.

Ek sug oordrewe. “Waar is die goeie ou dae toe ’n mens nog iemand se tuinkabouter

kon verf sonder dat sy dink jy't
allerhande bybedoelings ...?"
Ek doop die kwas in die rooi
verf en begin die kabouter se
hoed verf.

Kode woord: "kabouter verf"

Liezl se stoel skuif agteruit.
"Ek gaan slaap," sê sy
omgekrap.

"Lekker slaap."

Ek kan hoor sy bly staan
waar sy is.

"Kyk, Tiaan, ek is jammer ek

het alles beduiwel met die band. Dis net ... Zane het ... Ek het geweet wat gaan ... Ag, flippit!”

Ek sit die kwas neer en kyk vir haar. Sy lyk verskriklik mooi. Haar hare hang los oor haar skouers en daar is ’n kwaai frons tussen haar wenkbroue.

My keel trek toe. “Ek’s mal oor jou.”

Dit kom so hees uit dat ek wonder of sy ’n woord gehoor

het. Oukei, miskien nie, want sy hardloop nie weg nie. My gesig is aan die brand.

Ek sluk. “Ek is nie goed daarmee om goeters te sê nie. Partykeer skryf ek dinge op geel Post-It-plakkers neer, soos daai idees vir ons eerste song. En as ek nie sulke plakkers byderhand het nie, maak ek sommer notas in my kop. Miskien sou alles ... soort van makliker gewees het as mens net met Post-It-plakkers

kon praat. Of mense moet verplig word om eers iets neer te skryf voor hulle dit sê. 'n Mens dink voor jy skryf, maar jy dink nie altyd voor jy praat nie.”

Komaan, sê iets! Hier staan ek en babbel soos 'n opwenspeelding, en sy bly net daar staan.

“Maar partykeer moet 'n mens iets sê sonder om te dink. Soos: ‘Ek’s mal oor jou.’ Ek sweer, ek het nie eens daaroor

gedink nie – dit het sommer uitgeglip. Soos ek nie gedink het wat ek doen vanoggend voor ek die radiostasie ... e ... gehijack het nie ...”

Dit, dames en here, is Tiaan Fourie se weergawe van ’n romantiese scene – dink outydse swart-en-wit fliek met trekkerige agtergrondmusiek.

Liezl kyk skepties na my, haar een wenkbrou gelig.

“Dit ... dit maak nie sin nie, ek weet. Dis stupid.

Enigiemand kon sien dit gaan moeilikheid veroorsaak. Twee ouens wat van een meisie hou en al drie is in dieselfde band.” Ek vroetel senuweeagtig met die verfkwas. “Dis soos ’n tuinkabouter in ’n fancy tuin. Jy weet dit behoort nie so te wees nie. Maar partykeer vóél iets sommer net reg, al lyk dit heeltemal verkeerd.”

“Vir iemand wat kastig moeilik dinge sê, kan jy darem

onophoudelik praat ...”

Ek bly verleë stil.

Sy gaan sit langs die
tuinkabouter. “Het jy nog ’n
kwas?”

Ek hurk weer langs die
kabouter en grawe nog ’n kwas
uit die sak. Sy vat dit by my.
“Het hy vir jou gesê watter
kleur sy baadjie moet wees?”

Ek skud my kop. “Nee.
Miskien moet jy hom self vra.
Dis nie so moeilik om hom te
verstaan nie, ’n mens moet net

mooi luister.”

Sy lag saggies. “Oukei,” sê sy en maak haar oë toe. “Laat ek sien ... A, groen! Maar nie net groen nie – heldergroen met wit strepe.”



“Perfek!” sê ek. “Sien, dis nie so moeilik nie ...”

Sy maak haar oë oop en glimlag vir my. Ons skouers raak aan mekaar. My hart slaan

vyf slae oor. Nie een van ons
sê 'n woord nie, maar dis
oukei. Die ultimate stunning
stilte. Dit voel of dit 'n
ewigheid aanhou voor sy
vorentoe leun en my soen. My
asem slaan weg.

Met elke druppeltjie wilskrag
wat ek het, sit ek agtertoe.

“Wag,” sê ek.

Sy kyk vraend vir my.

Ek tel die kabouter op,
versigtig om nie aan die nat
verf te vat nie. Dit lyk of hy

glimlag onder sy nuwe
blinkrooi hoed. Ek sit hom
neer met sy gesig weggedraai.

“Nie voor die kabouter nie
...” fluister ek voor ek haar
soen.



Zane

Dis al laat, maar Zane se kamerlig is nog aan toe ek by hulle huis verbyry. Ek sleutel hulle veiligheidshek se kode in en stoot my fiets in. Flenters, Zane se hond, draf swaaistert nader en lek aan my hand. Hy steun tevrede toe ek sy kop

krap. Ek maak my fiets teen die boom staan en stap tot by Zane se kamervenster. Ek klop drie keer voor hy die gordyn ooptrek . Hy huiwer voor hy die venster oopmaak.

“Haai.”

Hy sê niks nie. Vir ’n oomblik lank wil-wil my moed my begewe. Ek kan sien hy was besig om weights te oefen – as Zane hierdie tyd van die aand weights oefen, beteken dit iets pla hom baie erg. Ek

voel soos 'n regte verraaier.
Dis aaklig om hier voor sy
venster te staan as ek pas van
Liezl af kom. Ek asem diep in
en begin vinnig praat.

“Luister, Zane, jy hoef nooit
weer met my te praat as jy nie
wil nie. Maar luister net
'seblief wat ek wil sê, oukei?”
Hy sê steeds niks nie.

“Zane, ek's jammer. Regtig.
Die ding met Liezl ... Dis nie
asof ek ... bedoel het dit moet
gebeur nie.”

“Jy bedoel jy’s spyt dit het gebeur?”

Ek sug. “Nee. Ek’s nie spyt nie, Zane. Ek bedoel net ek kon dit nie help nie. Regtig nie. Ek’s mal oor haar en sy’t vanaand gesê sy hou van my en dit gaan hopelik nie verander nie. Jy het eerste van haar gehou en ek weet ek was daarom nie veronderstel om haar te like nie. Ek was regtig stupid, ek weet. Ek moes jou vroeër gesê het wat aangaan,

maar ek het probeer ... om te maak of dit nie regtig so is nie. Dit sal sleg wees as jy nie meer in die band wil wees nie, maar ek sal jou nie kwalik neem nie. Dit sal aaklig wees as jy nooit weer met my wil praat nie, maar ek sal dit ook verstaan. Maar ek wil net hê jy moet weet ek het dit nie bedoel nie ... So,” ek sluk, “dis al ...”

Ek draai om en loop. Hy roep my nie terug nie.

Nota aan self:

Partykeer is die malste
Maandag van jou lewe en die
beste Maandag van jou lewe
en die aakligste Maandag
van jou lewe presies
dieselfde dag.





#241

My nagtelike eskapades het
hulle tol geëis. Ek sit en staar
vir my Rice Krispies,
moedeloos vaak. Ek weet nie
hoe ek vandag by die skool
gaan wakker bly nie.

Die gelui van die

voordeurklokkie klink
kilometers ver. “Tiaan, jy sit
en slaap wraggies aan tafel! Jy
gaan laat wees vir skool,” sê
my ma agter my. “Zane is
hier.”

Ek draai verbaas om.
Zane skuif sy tas reg op sy
rug. “Haai.”

“E ... haai?”

Hy wys na my papbak. “Is jy
klaar geëet?”

Ek glimlag skeefweg. “Ek
haat eintlik Rice Krispies,

maar dis al wat daar was.”

“Ek kry solank jou tas,” sê Zane en verdwyn na my kamer toe.

Wat op aarde het skielik in Zane gevaar? Gisteraand wou hy nie eens met my praat nie ... Ek staan op en gooi die oorskietpap in Snorre se bak. Ek weet nie of Rice Krispies goed is vir katte nie, maar ons s'n is verslaaf daaraan.



Zane bly 'n minuut of wat weg. Net toe ek hom wil gaan soek, is hy terug. “Kom, ons beter gou maak as ons nie laat wil wees nie.”

Ek vat my tas by hom. Ek kry my fiets uit die garage en ons stoot in stilte ons fietse by die hek uit. Net voor ek opklim, hou hy iets na my uit. Ek vat die boek by hom. *Tiaan en Zane se Gids tot Meisies*. Hy klim op sy fiets en ry weg. Ek maak die boek verbaas oop.

Dis hoekom hy so lank in my kamer was – hy het in die Gids geskryf.

#240. Partykeer gaan jou beste pêl die girl kry op wie jy verlief is.

Ek sug en glimlag.

#241. Partykeer moet jy hom daarvoor vergewe.

Dit voel of 'n berg van my skouers af lig. “Hei, wag vir my!” roep ek agter hom aan.

Nota aan self:

Verligting is 'n
onge looflike woord.

Dit beskryf die gevoel perfek

— jy voel sommer
tonne ligter.

Frik

Die Dinsdagoggend voor die halfeindronde van die Rumoer-kompetisie het Suurlemoen! sy eerste radio-onderhoud. Dis nou as jy nie my “verskyning” op Psycho Bob en Willem se show bytel nie.

Dit voel nogal weird om

terug te wees in die radio-ateljee. Die afgelope drie weke sedert ons break-up het verbygevlieg – seker omdat ons so hard geoefen het.

“Goeiemôre, liewe luisteraars,” begin Willem, “en welkom by ...”

“... pouse, die belangrikste rede om skool toe te kom.”

Willem maak natuurlik eers ’n grappie of twee oor die band wat een pouse hulle radiostasie gekaap het, en dan

vra hulle ons uit oor die band en oor volgende week se kompetisie. Ek, Liezl en Zane kry elkeen kans om iets oor die band te vertel. Dan is dit Bongi se beurt. “Wat sal jy sê is julle grootste inspirasie, Bongi?” wil Psycho Bob weet.

Bongi huiwer ’n oomblik, asof sy diep dink. “Wel, Bob,” sê sy met ’n ondeunde flikkering in haar oë. “Ek sou definitief sê dis ons fans. En veral ons heel grootste

bewonderaar ... Frik van
Tonder. Frik was van die begin
af byna fanaties oor ons. Hy
het amper soveel gedoen om
Suurlemoen! te help as wat
meneer Marx gedoen het, en
daarvoor is ons baie dankbaar.
Hy het die heelyd ons
vordering dopgehou; hy het
gesorg dat ons liedjie op radio
kom; ons het selfs rumours
gehoor dat hy 'n fan club wil
begin ...” Sy grawe by haar
voete en haal iets uit haar

rugsak. “En om te wys hoe dankbaar ons is, gaan Frik die heel eerste Suurlemoen!-T kry – ons band se eie T-hemp!”

“Daar het julle dit!” sê Willem. “Frik van Tonder, Suurlemoen! se grootste bewonderaar. Kom gerus hier na die radiostasie toe om jou T-hemp te kom haal. En Frik sal definitief héél voor wees wanneer ons volgende week by die semi’s vir Suurlemoen! gaan cheer! Ons sluit af met

Maak lemonade, spesiaal
opgedra aan jou, Frik!”

Suurlemoen!

Nota aan self:

Ek sou wat wou gee
om Frik se gesig
af te neem.

Koerantknipsel

DIE SENTER

Prys: R3,50

Amptelike skoolkoerant van die Hoërskool Sentraal

Nommer 8

Suurlemoen! dring deur na Rumoer-finaal

■ LERATO LEKOTA

Hoërskool Sentraal se eie rockers, die groep Suurlemoen!, het verlede week deurgedring na die eindronde van die landwye Rumoer-kompetisie vir skolegroepe.

Liezl Kritzinger, Zane le Roux, Tiaan Fourie en Bongzi Kganare het die gehoor en die beoordelaars gaande gehad met liedjies soos *Maak lemonade* en *Van my kop af*. Albei liedjies is op die oomblik baie gewild op Psychobob en Willem se radiostasie.

Bongzi het aan *Die Senter* gesê

hulle is almal uit hulle vel van opgewondenheid, en hulle stres nogal oor die finaal wat voorlê. Tiaan se enigste kommentaar ná die semi-finaal was: "Wow! Wow! Wow!"

Meneer Van Schalkwyk sê die skool is trots op Suurlemoen! se prestasies, hoewel die groep al "vir heelwat drama verantwoordelik was".

Die hele skool hou duim vas vir die eindronde wat oor twee weke in Johannesburg plaasvind! Go, Suurlemoen!

Ru moet

Ek sit op die trap en hou vir Zane, Bongi en Liezl dop. Dis interessant om te sien hoe hulle op verskillende maniere stres. Bongi is besig met haar derde pakkie tjips terwyl sy vir Zane met valkoë dophou. Zane het netnou tussen neus en ore

verdwyn en Bongi en Liezl het amper 'n polisiezoektog op tou gesit. Liezl byt so skewerig op haar onderlip en lyk of sy niemand raaksien nie. Zane ... wel, dis moeilik om te sê of Zane stres. Hy's besig om met een van die gasheerskool se meisies te flirt. Ek vermoed sy is die rede waarom hy netnou so geheimsinnig weggeraak het.

Daar is vier ander bands in die finaal. Hulle staan in

aparte groepies rond. Al troos is dat dit lyk of hulle net soveel soos ons stres. Almal sê die band van die Kaap is amazing. Hulle is al amper twee jaar lank bymekaar en hulle was al op *JIP* se voorblad.

MK het vroeër vanoggend met almal van ons 'n TV-onderhoud gedoen. Bongsi is die enigste een wat min of meer sense gepraat het. Liezl het nie veel gesê nie. Ek het

net twee sinne gesê en dit
reggekry om vier keer
“amazing” te sê. Zane het vir
sy ma en pa hallo gesê en
daarna het die
onderhoudvoerder hom nie
weer ’n vraag gevra nie.

Die afgelope paar weke voel
soos ’n droom. As iemand my
vra hoe die semi’s was, is ek
nog steeds lus om te sê wat ek
vir Lerato van die
skoolkoerant gesê het: “Wow!
Wow! Wow!” Ek kan nie glo

ons is uiteindelik by die finals nie ... Ons is al amper drie maande bymekaar ... die amper 24 uur wat ons gesplit het nie bygereken nie.

Die verhoogbestuurder kom uit die saal gestap. “Vyf minute, ouens!” roep hy. Ons loer senuweeagtig vir mekaar. Daar is ’n oorverdowende gedreun van stemme in die saal. Daar het netnou al toue mense gestaan en wag om in te kom.

Meneer Marx kom om die hoek van die gebou gestap. Ek sukkel om vir hom terug te glimlag – my senuwees is gedaan. “Ek wil net kom sê julle ondersteuners is veilig hier. Daai twee ouens van die radiostasie is klaar besig om hulle op te sweep. Ons hou styf duim vas.”

Psycho Bob en Willem het spesiaal ’n petisie opgestel en die skool gevra om ons ondersteuners met ’n skoolbus

aan te ry. Ek weet nie wat meneer Van Schalkwyk daarvan gedink het nie – ek is nog steeds nie in sy goeie boekies ná die ding met die radiostasie nie ...

“Dankie, Meneer,” sê Bongi.

Meneer Marx glimlag weer, draai om en begin weggloop. Maar dan gaan staan hy stil. Hy draai om. “Ek skat julle is seker nog te jonk om alleen in pubs te kom, maar dalk kan julle een Donderdagaand saam

met julle ouers 'n draai maak in die Hog & Falcon. Dis in Kirstenstraat. Van volgende week af speel daar elke Donderdagaand 'n band met die naam Chrome Bunny ... En ... wel ... ek dink ek behoort julle ouens daarvoor te bedank.”

Hy draai om en loop. Ons is 'n oomblik lank stil-verslae.

“Dis ongelooflik!” sê Bongibong opgewonde. “Meneer Marx se band het reunite ...”

“Sal al die bands wat gaan deelneem asseblief hier agter aantree,” kondig ’n stem aan.

Nota aan self:

'n Onderwyser in 'n
rock band?

What next?!



Magic

Daai uitdrukking wat sê jy't
skoelappers op jou maag as
jy senuweeagtig is, is
heeltemal verkeerd. Wat ek
het, voel meer soos 'n swerm
mossies wat baklei.

Ek knyp my oë 'n oomblik
lank toe om van die

lighoofdige gevoel ontslae te
raak, en dan stap ons op die
verhoog. Iemand fluit. Die
crowd cheer. Die saal is
stampvol. Daar is baie meer
mense as by die semi's.

Iemand met 'n geel
Suurlemoen!-T-hemp spring op
en af in die gehoor. Agter in
die saal is 'n TV-kamera op 'n
hengse stellasië. Dit voel asof
die bloed in my ore begin
dreun en die geskree van die
crowd uitdoof.

Bongi tel ...

Een.

Twee.

Drie.

Ek voel soos 'n vliegtuig op
autopilot ... alles gebeur asof
vanself.

En dit begin nie te goed nie ...

Ons trek op 'n vals noot weg.
My maag slaan bollemakiesie.
Dis mos hoe dit altyd werk –
as jy te lank en te veel na iets
uitsien, loop als verkeerd. Van
al die songs waarop iets kan

fout gaan, moet dit nou juis met
Maak lemonade wees. Bongi
het voorgestel ons begin
daarmee om ons op ons gemak
te plaas. In die middel van die
kitaarsolo breek een van my
kitaar se snare. Daar's 'n nare
twang!-geluid en my hart sak
tot in my skoene. Zane en
Bongi kyk verbaas vir my,
maar gelukkig hou hulle nie op
met speel nie. Ek speel enduit
so goed as ek kan. Dit voel of
ek kan begin huil. Ek het nie by

één oefening die afgelope paar weke of by die semi's 'n snaar gebreek in die middel van 'n song nie. Hoekom juis nou, in die eindronde?

Dit voel soos 'n ewigheid voor die song klaar is. Die enigste goeie ding is dat al ons skool se ondersteuners die liedjie woord vir woord saamsing.

“Tiaan het daai kitaar te veel gas gegee,” sê Liezl oor die mikrofoon. Die crowd lag en

cheer. “Kan julle net so ’n
bietjie geduldig wees terwyl
ons ’n plan maak?”



Een van die organiseerders kom langs die kant van die verhoog uit met 'n kitaar en wink my nader. “Dis 'n plaasvervanger,” sê hy. “Ons

hou dit byderhand vir sulke noodgevalle. Daar's nie nou tyd om vir joune 'n nuwe snaar op te sit nie.”

Ek knik dankbaar en vat die kitaar by hom. Almal klap hande. Ek plug die kitaar in en speel 'n riff. Iemand fluit uit die gehoor. Liezl kyk vraend vir my. Ek knik en vee die sweet van my voorkop af.

“Hier gaan ons,” sê Liezl.
“Ons volgende song se naam is *Van my kop af*.”

Dit gaan beter. Die nuwe
kitaar is gelukkig ordentlik
getune. In die helfte van die
song begin ek ontspan. Ek en
Zane en Bongi laat dreun die
einde soos nog nooit tevore
nie. Die ligte verdof met die
laaste noot en die gehoor gaan
mal. Ek voel hoe 'n
senuweeagtige glimlag oor my
gesig kruip.

Ons wag dat hulle tot
bedaring kom. Ek gaan sit
skuins agter Liezl op 'n stoel.

Toe ek die eerste sagte note
speel, gaan die ligte dof aan.
Dis seker die honderdste keer
dat ek Liezl die nuwe song
hoor sing, maar ek kry nog
steeds hoendervleis daarvan ...

dis net ek en jy

ek en jy

*en die res van die wêreld
tol verby*

ja, dit lyk vir my

dis net ek en jy

en hierdie

absolute

stunning

stilte

Die song het sy magic gewerk
– dis 'n oomblik lank so stil
dat jy 'n speld kan hoor val.
Ek herken nie die warm, half-
uitasem gevoel in my bors nie.

Miskien is dit hoe 'n mens
voel as jy weet jy het nou net
jou heel beste gig ooit gespeel,
selfs beter as op die semi's.
Miskien is dit hoe 'n mens
voel as jy weet jy het beter as
die ander bands gespeel.

Miskien is dit hoe 'n mens
voel as jy skielik wéét jy móét
net vanaand wen ...

'n Oorverdowende handeklap
bars los, asof die gehoor my
gedagtes kan lees. Alles lyk
effens onwerklik onder die
helder, gekleurde ligte. Bongi
maak haar oë oop en glimlag
breed – sy het die hele tyd met
toegeknypte oë agter die
tromstel gesit. Zane gryp my
om die skouers en waai vir die
gehoor. En Liezl ... sy laat sak

haar viool, gooi haar hare
agtertoe en glimlag vir my. Dis
nou al meer as 'n maand, maar
my hart maak nog steeds
lawwe bollemakiesies as sy
vir my smile.

Die spotlight gaan aan en die
seremoniemeester kom binne.
“Baie dankie, dis dan die
laaste groep vir die eindronde
van vanjaar se Rumoer-
kompetisie. Gee weer 'n
lekker handeklap vir
Suurlemoen! ...”

Hulle gehoorsaam met
handeklap, uitgelate skreeue en
'n gefluit. “Go, Suurlemoen!!”
skree iemand.

Nota aan self:

Mooiste woorde ooit gehoor:

En die wenner van
vanjaar se Rymoer-
kompetisie is...

Suurlemoen!

EINDRONDE:

RUMMOER-KOMPETISIE

KOMPETISIE



Zane

Onbekende girl—was heelvuldig bezig om
Zane te stalk. (Ek vermoed sy was die rede
waartoe hy net voor die kompetisie weggeraak
en later so half verkeer teruggekom het.)

NowSENS!

Ons het almal die lipstick gesien—
op jou nek.
Jy behoort al te weet om wag
te bly van keers uitgevang.

... voor die hele skool!

Bongi was amper nie
die trofee laat gaan nie
—nie eens dat ons
dit kon vashou nie!

Kovert met (vii) vir ons skool.
1. R.20.000. Dinsdag die skool het
Dinsdag. Dinsdag die skool het
die kompetisie gewen. meer
van die kompetisie...
Van Skattekamp om ons eerste
2. 'n CD of te neem...
En... of ons het nog aet!
En... of ons het nog aet!



vir Willemien – vir alles

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.)
Bpk.

Bosmanstraat 380, Pretoria

Tel.: (012) 401 0700

E-pos: lapa@lapa.co.za

© Teks: Jaco Jacobs 2007

Foto's en grafiese uigleg: Elsabé Milandri

Voorbladontwerp: Full Circle

eBoek geskep deur Full Circle

www.fullcircle.co.za

ISBN 978 0 7993 4235 2 (Gedrukte boek)

ISBN 978 0 7993 5897 1 (ePub)

ISBN 978 0 7993 6682 2 (Mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.